# *Van Toe Af*

Baie, baie dankie, Broer.

2 Goeienaand, vriende. Dis 'n voorreg om terug te wees in die huis van die Here op hierdie Saterdagmiddag, die seëninge van die Here te kan geniet.

3 En ek wil sê, dat ons beslis 'n wonderlike tyd gehad het vanmôre by daardie ontbyt. Ek het net lief, ek het lief, lief. En dis die . . . Wanneer . . . God is liefde, en wanneer Hy Sy liefde na ons projekteer, dan, o, hoe soet is dit! Net om gemeenskap te hou rondom die goeie dinge van God, *so* wonderlik.

4 Nou, ek reken ek is net 'n bietjie raserig vir julle konserwatiewe Kanadese. So, vergewe julle my dat ek, miskien, kru manier om na die platvorm toe te kom en gewoontes wat ek het.

5 So, en iemand het my eenkeer gevra, gesê: ons het gepraat oor nasionaliteite, hy het gesê: "Broer Branham, watter nasionaliteit is jy?"

6 Ek het gesê: "Iers." Ek het gesê: "Wel, as die . . . as 'n Ier gered kan word, dan is daar hoop vir die hele wêreld, die hele menslike ras het 'n kans, as 'n Ier gered kan word."

7 So, om hier saam te kom met julle Noorweërs, en Skandinawiërs, en Duitsers, en wat nog, is dit beslis 'n wonderlike ding vir ons, om te kom en gemeenskap te hou rondom die seëninge van God. En julle weet, oorkant in die—die groot Land, sal ons nie Noorweër of Iers wees nie, dan sal ons anders wees, ons sal verander word, ek's so bly.

8 En vandat ek bekeer is, en my lewe vir die Here Jesus gegee het omtrent dertig jaar gelede, toe ek net 'n seun was, en as ek een berou in my lewe gehad het, die grootste berou wat ek het, ek het baie van hulle, maar die grootste berou is dat ek nie my lewe vir die Here Jesus gegee het toe ek jonger was nie. Ek was miskien omtrent twintig jaar oud toe ek daardie besluit geneem het.

9 Maar as ek dit sou gedoen het toe ek die ouderdom was van *hierdie* seuntjie wat hier sit, glo ek, miskien, kon ek meer siele vir Hom gewen het. En as ek geweier word aan die einde van die pad, Hy my nie sal laat ingaan nie, gaan ek—ek Hom in elk geval liefhê, want ek het Hom net lief, omdat ek Hom liefhet.

10 Ek het vir Broer Mercier gevra om 'n bietjie van die getuienis van die visioen te gee wat die Here my net onlangs gegee het. Ek wil dit 'n visioen noem, want ek's 'n bietjie huiwerig om iets anders te sê, want dit sou klink asof ek 'n—'n groot apostel,

Paulus, probeer naboots, wat opgeneem is in die—die derde hemele.

11 Maar ek het op die bed gelê toe dit gebeur het en het goed geslaap deur die nag. En ek het baie visioene gehad, soos ons weet, maar hierdie was nie soos enige wat ek ooit gehad het nie. Maar ek was altyd ’n bietjie bang om te sterf. Ek het mense so lief dat ek gedink het. . .Nie bang dat ek nie gered is nie, maar ek wou nie ’n gees wees nie, ek wil die heeltyd ’n man wees, en so toe ek was. . .Waar ek ook al was, dit was nie ver weg nie, ’n ander dimensie iewers.

12 En wanneer ons hierdie liggaam verlaat, is ons nie geeste nie, “As hierdie aardse tentwoning afgebreek word, het ons alreeds een wat wag.” Sien? God het ’n ander tipe liggaam, waar ons net so werklik is as wat ons net hier is.

13 Van toe af, het dit al die kinkels uit my denke weggeneem. En nou, as dit nie vir my kinders en die Evangelie se onthalwe was nie, wel, ek sou sê eerstens die Evangelie, en dan my kinders en vrou, my geliefdes hier, sou ek dit enige tyd verwelkom, want daar, daar was geen siekte, geen droefheid, geen—geen sonde, geen niks nie, dit was volmaaktheid.

14 En o, hoe ek daarvan hou om te dink! En toe ek daar was, het ek gedink: “As ek ooit kon teruggaan, sou ek by mense pleit om soontoe te kom, sou ek hulle op elke manier oorreed wat ek kon om na daardie Plek te kom.” Vriende, moet dit nie mis nie, dis—dis die grootste van alles.

15 Jy alles gemis het. . .Jy mag ’n suksesvolle sakeman gewees het, jy mag ’n goeie man of ’n goeie vrou, seun of meisie gewees het, maar moenie die Hemel mis nie. Glo in die Here Jesus Christus met alles wat in jou is.

16 En nou, ek is nie baie formeel nie, want, julle weet, God is sonder vorm, die Bybel het so gesê: so ons het niks wat formeel is nie. By ons huis, is ons. . .is daar niks formeel nie.

17 Ek het drie lieflike kindertjies by die huis, en Billy, my seun, is by my. En ons is net ’n groot familie mense wat die Here liefhet met ons hele hart.

18 Ek het ’n klein seuntjie omtrent, hy was, gister was hy ses jaar oud. En, maar ses jaar voor hy gekom het, het die Here vir my gesê ek sou hierdie seun hê, en ek moet sy naam “Joseph” noem. En die seuntjie sien alreeds visioene en spreek dinge wat werklik volmaak waar word. Net. . .

19 Eendag, sal ek moet. . .Ek hoop om saam met hom af te stap na die Jordaan, en my strydwa te vang, en op te gaan, ek hoop hy skree: “My vader, my vader, die strydwaens van Israel, en sy ruiters.”

20 My dogtertjies, een van hulle is nie meer so klein nie, sy's alreeds veertien, hulle is pappa se dogters, julle weet hoe ons ons kinders liefhet.

21 'n Tyd gelede, het ek net gedink, ek het 'n vriend ontmoet vanmiddag, of, 'n man wat homself voorgestel het as Mnr. Pettigrew. Hy het 'n naam van 'n goeie Baptiste predikervriend van my in Louisville, Kentucky, Dr. Pettigrew.

22 Het eendag gepraat, gedink aan 'n tyd wat. . .Broer Pettigrew was altyd so 'n diplomaat met hoe hy gepraat het, hy was *so* presies en net op die merk, julle weet, en—en baie goeie grammatika gebruik, asof hy Webster geleer het, en—en ek—en ek sou my ou suidelike *his*, [Afr. "is."—Vert.], en *hain't*, [Afr. "is nie."] en *tote*, [Afr. "dra."] en *fetch*, [Afr. "gaan haal."], en *carry*, [Afr. "dra."], en al daardie gebruik, en hy het gesê: "Billy, ek reken jy kan jou grammatika bietjie verbeter."

23 Ek het gesê: "Wel, ek sê jou, Dokter," het ek gesê: "ek was, ek reken dis reg, maar," het ek gesê: "ek is grootgemaak in 'n familie van tien kinders, en ek het nie 'n geleerdheid gekry nie, vandat die Here my geroep het, het ek nie tyd gehad om dit te verbeter nie."

24 Hy het gesê: "Wel, ek dink die mense sal jou meer waardeer. Jy het vanaand daardie uitdrukking, gesê, jy het gesê: 'Die mense wat by hierdie *polepit* [Afr. "preekstoel."—Vert.] verbygaan,'" gesê, hy het gesê: "Die mense sou jou meer waardeer as jy *pulpit* [Afr. "preekstoel."] gesê het."

25 Ek het gesê: "Meneer, dis miskien reg, maar ek wil van jou verskil." Sien? "Ek het gesê daardie mense daarbuite gee nie om of ek *pulpit* of *polepit* sê solank ek die regte soort lewe lei en voortbring waarvan ek praat nie, dis die belangrike ding." Dis die belangrike ding.

26 Dit—dit is nie in grammatika nie, dis in 'n lewe van oorgawe. Baiekeer het ons te veel daarvan, ons moet *soveel* in grammatika kry, en *soveel*. . . dis die intellektuele. God is nie intellektueel nie, Hy is geestelik, en dit, ons glo God deur die Gees, deur geloof.

27 'n Klein, soort van 'n gelykenis, een aand het ek, huis toe gekom en die dogtertjies het vir my gewag, klein Sarah, en Rebekah is die oudste, en hulle, as pappa se dogtertjies, het hulle laat vir my gewag, en hulle ogies, klaasvakie het iets daarin gestrooi, julle weet, en hulle het vaak geword, en mamma sit hulle in die bed.

28 So ek het omtrent drie-uur in die oggend ingekom, na 'n groot diens en so, op die vloere te loop, en—en af te kom, uit te val uit daardie groot dimensie Daar, hier ondertoe.

29 Sien, die—die gewone man beweeg hier onder, die Christen beweeg 'n bietjie bokant dit, bokant die dinge van die wêreld,

maar hierin, gaan jy verder as dit in visioen in. Jy kan dit nie verduidelik nie, dit help nie om te probeer nie.

30 En vriende, as ek julle nooit weer sien nie, dis die waarheid. Ek kan nie antwoord vir nabootsers of vleeslike vergelykings nie, maar ek weet wel wat die waarheid is. God is God, Hy is net so werklik as wat Hy ooit was. En ons weet ons het vleeslike vergelykings en nabootsings ensovoorts, dit, wel, dit gaan gepaard met alle lewenswandels, julle moet dit onthou.

31 En so het ek omtrent drie-uur in die oggend ingekom, en ek het probeer lê, en ek het omtrent een uur geslaap, en ek kon nie langer slaap nie, so ek het in die sitkamer ingegaan en in die—die stoel gaan sit. En het daar gesit, dit was daglig, en naderhand, agter in die kinderkamer, het die komberse gevlieg vir ’n oomblik, en klein Rebekah het wakker geword, en sy het gedink: “Wel, dis tyd, Pappa moet by die huis wees.”

32 So hier het sy deur die huis gekom net so vinnig as wat sy kon, en dit het Sarah wakker gemaak. Sy was toe ’n klein kleutertjie, omtrent *so* groot. En ek weet nie of jou kinders dit doen of nie, myne, soos ek altyd moes, ons kry iemand se gebruikte klere, en—en julle weet wat ek daarmee bedoel, en so het Sarah Rebekah se pajamas gedra. En hulle het voete in hulle gehad, julle weet, en die voete was net omtrent *soveel* te lank vir haar voetjies, en sy was net omtrent gereed, om om te val soos sy aangekom het.

33 En Rebekah kon haar klop, so sy het langer bene gehad, en sy het gehardloop en sy het op my regterbeen gespring soos *dié*, en albei arms om my nek gegooi, en geskree: “My pappa, my pappa!” O, julle weet hoe dit jou hart laat voel.

34 So toe, voor klein Sarah daar kon inkom, die klein bruinoog enetjie omtrent *so* hoog, het sy omgedraai, Rebekah met haar arms om my, en sy het my herinner aan die groot, modieuse kerk wat altyd eerste daar is, julle weet, sy het omgedraai na my, op my been, en sy het omgekyk na Sarah, en sy het gesê: “Sarah, my suster, ek wil hê jy moet een ding weet, ek het eerste hier aangekom, en ek het alles van Pappa en daar’s niks oor vir jou nie.”

35 Wel, arme klein Sarah, het my herinner aan—aan die kleintjie wat soort van aansukkel, julle weet, en haar mondjie, lippies wat hang, haar bruin ogies het begin traan. En ek het oorkant toe gekyk en vir haar oog geknip en *so* beduie, en my ander been uitgesteek.

36 So hier het sy gekom met daardie groot, konyn-voet pajamas, julle weet, en op op my been gespring, en sy was soort van onvas, sy kon nie vashou nie, haar bene was te kort. Sien? Laat my net dink aan die klein, nuwe kerkie wat nie baie lank daar was nie, die gelowige, julle weet. En ek het gesien die kleintjie kan dalk val, wat wydsbeen op my been gespring het soos daardie, so ek het net albei arms om haar gesit en haar teen my vasgedruk.

37 Sy het haar koppie teen my geleun, en naderhand, het sy opgelig, en daardie groot, bruin oë, het opgekyk na Becky, en sy het gesê: “Rebekah, my suster, ek het ook iets om vir jou te sê.” Sy het gesê: “Dit mag waar wees dat jy alles van Pappa het, maar ek wil hê jy moet een ding weet, Pappa het alles van my.”

38 So—so ons. . .Ek mag dalk nie so modieus wees as ek praat en so korrek in my Engels nie, maar solank Hy alles van my het, dis al waarvoor ek omgee, solank Hy my net kan vashou en vir my sê wat om te sê, wat om te doen, laat ek dit net laat gaan soos ek dit ken, so dit—dis al.

39 So nou, ons wil aankondig dat môremiddag, dat, as die Here wil, ons ons afsluitingsdiens het. Ek was so bly om die pastoor hier te ontmoet, vanaand, van die diens wat ons drie aande gehou het, bo by Grande Prairie, so ’n lieflike tyd saam met daardie goeie Christenmense daar, en net so, die gemeenskap hier geniet.

40 En ek het vir hom gesê, Chris, as ons nie daardie grysbeer gekry het nie, kan ek miskien hierdie herfs terug kom en weer hier stop. So, en iemand het my vertel, broer, vandag dat een van die wildvangers, die Indiaanse broers, geweet het waar daar ’n yslike grote met ’n groot voet was. Wonder watter grootte saal hy sou nodig hê as ek dit vir hom kon opsit! En so sal ons miskien terugkom agter hom aan, as ons. . .

41 Gaan nou uit om te rus. Ek’s, was ses maande in die dienste, en ek’s so moeg en senuweeagtig, so bid julle vir my. As julle wil bid vir iemand wat gebed nodig het, bid dan vir my dat. . .

42 Julle weet, Jesus het eenkeer vir Sy apostels gesê: Hy het gesê: “Kom hier na die wildernis toe en laat ons ’n rukkie rus, julle was ’n lang tyd daarmee besig.”

43 So môremiddag, verwag ons om die gebedsry te hê en die mense wat die gebedskaartjies het van. . .tensy sommige van hulle, miskien, oorgebly het van gisteraand. Ek weet nie of hy enige uitgegee het vanaand of nie. Maar, ons sal probeer konsentreer op môre-aand, of, môremiddag om die genesingsry te hê, na waar ons kom en bid vir al die mense wat voor gebid wil word.

44 So, as julle nie gister ’n gebedskaartjie gekry het nie, of—of vanaand, as hy enige uitgegee het vanaand, wat ek nie weet nie, ek het vergeet om te vra, en kom môre (Hoe laat begin die diens, Broer?), drie-uur, dan beter julle hier wees omtrent twee-dertig, sodat ons nie die diens sal onderbreek nie, en enigiemand wat die gebedskaartjies wil hê, kan hulle kry en ons sal vir elkeen bid.

45 Nou, en nou, vertrou dat julle besoekers hier in die stad, wat van buite die stad is, daar’s ’n paar goeie kerke hier, die predikers wat hierdie plek hier verteenwoordig in hierdie diens, besoek hulle môre vir Sondagskool.

46 En dan môremiddag, wanneer Sondagskool verby is, dan sal ons ons diens hier hê, so die—die kosbare broers wat ons hierdie pragtige heiligdom laat kry het om ons Here in te aanbid, hulle het self diens môre-oggend, en dan ek . . . miskien, môre-aand, so ons sal nie môre-aand hier diens hê nie.

47 Nou, ek wil graag julle aandag vestig op net 'n Skrif hier wat in my gedagte opkom om oor te praat vir 'n paar oomblikke, as ons dit 'n teks sou noem, om 'n konteks daaruit te neem, van Matthéüs se Evangelie, die 4de hoofstuk, die 17de vers:

> En *van toe af het Jesus begin preek,* . . . te sê, *Bekeer julle: want die koninkryk van die hemele het naby gekom.*

48 En as ek dit 'n teks sou wou noem, om 'n konteksie om te bou, om te kyk of God in Sy Woord sou inkom en ons harte seën, wil ek graag die onderwerp neem: *Van Toe Af*, die drie woorde: *Van Toe Af*.

49 Julle weet, dit het 'n groot betekenis vir baie van ons, en as ons sou gaan sit vanmiddag en terug dink, kan ons baie dinge begin op 'n sekere tyd wat dit begin het: "Van *toe* af."

50 As 'n kind, mag ons sê: "Iets het gebeur." Miskien as enige van julle seuns wat—wat rook . . . ek glo nie julle Kanadese vroue sal so laag daal om sigarette te rook nie, maar ons . . . hulle doen dit onder in Amerika en so, maar ek sou nie dink julle sou so-iets doen nie.

51 Maar—maar die seuns, toe hulle gerook het, onthou julle die—die eerste sigaret wat julle gerook het? Miskien was dit gemaak van mieliepluim, of ons noem dit . . . Een of ander suiderling het gelag. Goed. Dis wat hulle in die suide sou doen, die seuns het begin met mieliepluim.

52 Maar toe jy daardie eerste sigaret gerook en gedink het moeder sou dit aan jou asem ruik, en jy het 'n paar koffiekorrels geneem en—en geëet het, dit gekou het om te verhoed dat moeder dit aan jou asem ruik, en sy toe gesê het: "Junior, het jy gerook?" Wat is dit? Die eerste ding nou, het 'n rooilig begin flits: "Vertel vir haar die waarheid. Moenie hierdie kant toe gaan nie, seuntjie, dis verkeerd. Moenie lieg nie."

53 "Nee, Ma, ek—ek—ek—ek—ek—ek—ek het nie gerook nie." En jou hartjie het baie vinnig geklop . . . jy het baie sleg gevoel. Toe was dit twee keer makliker om 'n leuen te vertel die volgende keer. Van *toe* af, het jy begin lieg. Sien?

54 En ons het verskillende dinge wat begin het "van *toe* af," 'n kind, baie gewoontes in die lewe kan ons dink: "van toe af."

55 Die onsedelike vrou, sy mag opstaan om te getuig en sê: "Ek was eenmaal so rein soos 'n lelie. My moeder het my grootgemaak om 'n dame te wees, my vader was 'n goddelike man en my

moeder, ook. Hulle het my geleer om Sondagskool toe te gaan en om te doen wat reg was, en ek het, vir jare en jare.

56 "En uiteindelik, was daar op 'n keer 'n jongman wat ons kerk besoek het, en ek het opgelet dat hy—hy nie net was soos die seuns wat gered is nie, maar hy was 'n mooi outjie. En ek het saam met hom op 'n afspraak gegaan, en hy het my oorreed om—om eenkeer 'n—'n Coke te drink, en dit was, dit het iets daarin gehad, en toe ek bykom, was ek—was ek besmet, en van toe af, was ek op die verkeerde pad." Sien?

57 "Van toe af, het dit begin. Ons kan teruggaan en die tyd vind wat ek gevoel het dat my sedes van die lewe weg was, en watter verskil het dit nou gemaak? En so, het ek net begin uitgaan." Sien, van toe af, dit het op 'n sekere tyd gebeur.

58 Die dronk man, die man wat 'n alkoholis is, hier nie lank gelede nie, was ek in New York Stad, of net omdat ek dit altyd die afklimplek maak. En—en ek gaan na daardie arena daar, waar hulle al daardie stoei en boks hou, en ons huur dit, want ek het duisende vriende in New York, en hulle maak dit gewoonlik vol vir twee- of drie aande se dienste, St. Nicholas Arena, dis waar dit is.

59 En ek en Dr. Berg is baie goeie vriende, so hulle het verskeie sendingstasies onder in die agterbuurt. En ek het gesê: "Dr. Berg," ek het. . .Ek het probeer uithou sonder om 'n geelkoors inspuiting te kry om Afrika toe te gaan, en hulle wou my nie op die vliegtuig laat klim nie, so ek moes 'n paar dae daar wag en afgaan na die Vloot en 'n geelkoors inspuiting kry, hulle wou my nie aanvaar nie, dit sou my nie in die land laat inkom daarsonder nie, so ek—ek het gesê: "kom ons gaan af na die agterbuurt."

60 En hy het gesê: "Goed, Broer Branham." Ons het afgestap na die agterbuurt en afgeklim, of, na die agterbuurt toe gegaan, liewer, in 'n motor en gestop en afgegaan. En miskien was baie van julle al onder in die agterbuurt, onder die brug.

61 En wat my dit laat doen het, ek was saam met 'n Sweedse vrou, ek vergeet nou haar naam, 'n goddelike ou gelowige wat 'n vriend van Sophie die Wasvrou was. En wie het nie gelees van Sophie die Wasvrou van Chi-. . .van New York nie? Het selfs die burgemeester van die stad na Christus gelei.

62 Toe A. B. Simpson gesterf het, die blomme wat. . .hulle het gedink hulle sou 'n paar van die blomme van A. B. Simpson neerlê, nadat hy uitgeneem is, hulle het soveel gehad dat hulle hulle nie na die begraafplaas kon neem nie, en het gedink hulle sou 'n paar na ou Sophie toe stuur.

63 En toe hulle gereed gemaak het om haar begrafnis te preek, wie het ingekom, die einste burgemeester van die stad en gaan sit, Hoof van Polisie! En hulle het almal begin getuig, teenoor mekaar, hoe Sophie die Wasvrou hulle na Christus toe gelei het.

64 En haar maat, ’n Sweedse, of, Noorweegse vrou, wat daar in Mev. Brown se huis gebly het, het my vertel van hoe sy en Sophie die agterbuurt be-arbei het, en dit het ’n entoesiasme laat opkom, ek wou soontoe gaan, kyk wat die agterbuurt was.

65 So toe ons in die straat afgegaan het, het ons in ’n klein sendingstasietjie ingegaan, en hy het my voorgestel aan die pastoor, en hy het gesê: “Broer Branham, kan jy vir ons preek vanaand?”

66 Ek het gesê: “Nee, ek het . . . Ek—ek gaan wag. Ek het ’n groot diens wat in Afrika kom, waar ek waarskynlik ’n honderd-en-vyftig, tweehonderdduisend mense het wat wag, so ek beter rus.”

67 En hy het gesê, gepraat van die alkoholiste wat sterf, hy het gesê verlede jaar van September tot Maart, het hulle eenhonderd-en-tagtig dooies uit die kerk uitgeneem, wat net gedurende die diens gesterf het, van alkohol, en hulle . . . dwelms. En ek het gedink: “Wat het dit veroorsaak?”

68 So ons het uitgestap in die straat en daar was mans wat daarmee heen was, wat onsedelikheid betref, hulle het nie daaroor omgegee nie, vroue sou volkome vry wees (hulle—hulle gee nie om daarvoor nie), om daar deur te gaan.

69 Lê op die strate, party van hulle wat agteroor lê, en hulle klere heeltemal bevuil, en, van nie in staat wees om op te staan nie. En—en o, so ’n toestand! Dit was verskriklik.

70 En daar het ’n man gelê met sy arms wat agter teen die paal gelê het, en sy bene wat buite in die straat gelê het, en sy klere was deurweek, en ek het gesê: “Kom ons trek hom uit die straat uit.”

En Broer Berg het gesê: “Wel, hy sal waarskynlik weer inrol.” Gesê: “Hulle hou hulle hierlangs dop.”

So ek het gesê: “O, daardie arme man!” Ek het gesê: “Wat het hom in daardie toestand gekry?”

Gesê: “Vra hom.”

71 So ek het soontoe geloop, en hy was te ver heen. Ek het ’n bietjie verder in die straat afgegaan, en dit was . . . toe ek daaronder gekom het, het ek ’n ander man ontmoet, hy het daar gestaan, teen die paal gegaan soos *hierdie*, en hy was bedwelm, en ek het gesê: “Aangename kennis, Meneer?”

Hy het gesê: “Sal jy vir my vyf-en-twintig sent gee?”

Ek het gesê: “Wat wil jy met vyf-en-twintig sent maak, my goeie man?”

Hy het gesê: “Ek—ek wil vir my nog ’n drankie koop.”

72 Ek het gesê: “Ek is ’n prediker van die Evangelie. Die geld wat ek het, kom van tiendes van God se mense af, daarom kan ek nie vir jou geld gee om te drink nie.” Ek het gesê: “Ek sal vir

jou ’n toebroodjie koop, koppie koffie, of iets, maar ek—ek kan nie dit doen nie.”

Hy het gesê: “Is jy ’n eerwaarde?”

Ek het gesê: “Ja, meneer.”

Hy het gesê: “Verskoon my, Meneer.”

En ek het gesê: “Ek wil jou graag vra, my goeie man, wat het jou in hierdie toestand laat beland?”

73 Hy het gesê: “Ek is skaam om jou te sê, maar as jy jou kop kon optel en op *daardie* brug kan opgaan, kan jy die deur van die bank sien waarvan ek president was.”

“O,” het ek gesê: “sekerlik nie.”

Hy het gesê: “Ek’s *So-en-so*.”

74 Ek het na Broer Berg gekyk, hy het sy kop geknik, dat dit so was. Ek het gesê: “n Man van jou aansien, ’n man van jou kaliber, wat hier op die straat sou lê, ’n dronk sot soos *dié*?”

Hy het gesê: “Meneer, ek was eers ’n bekende, gerespekteerde burger.” En hy het gesê . . .

Ek het gesê: “Vertel my jou storie, net vir ’n oomblik,” ek het gesê: “as jy nie omgee nie, en nie sal omgee dat ek dit op die preekstoel herhaal nie.”

75 Hy het gesê: “Beslis nie.” Hy het gesê: “Wel, ek het ’n pragtige huis gehad, twee goeie kinders, eendag het ek huis toe gekom, en ek het altyd my vrou verdink,” maar gesê: “daar het ’n ‘Liewe John’ brief op die tafel gelê.” Hy het gesê: “Ek het nooit in my lewe gedrink nie, maar ek het uitgegaan daardie aand, en van toe af!”

76 Daar het julle dit. “Van toe af.” Wat het dit veroorsaak? Sy vrou het vir hom ’n brief gelos dat sy hom verlaat het. Hy het haar so liefgehad, dat hy nie kon verduur om sonder haar te wees nie, so hy het net gedink hy sou sy lewe ruïneer, of dit net wegdrink, nie genoeg durf om selfmoord te pleeg nie, so hy het dit net op die geleidelike manier gedoen.

Nou, dis hoe daardie dinge gebeur. “Van toe af,” begin van ’n sekere tyd af.

77 In die meeste gevalle, sal mense wat verkeerd doen, sal op Nuwejaar sê: “Wel, ons gaan nou ’n nuwe blaadjie omslaan. Ons gaan reg wees na vanaand.” En wat doen hulle? Hulle blaai net ’n nuwe blaadjie om sodat hulle dit die volgende dag kan terugblaai, al hulle Nuwejaarsbeloftes verdwyn. Dit sal nie werk nie.

78 ’n Tyd gelede, het ek in die—die psigopatiese kamer ingegaan uit die ouditorium, om te bid vir die mense in . . . sommige van hulle in dwangbuise. Wel, hoeveel . . . ? Julle het Charles Fuller gehoor, die *Outydse Herlewingsuur* op die . . . wel, dis waar dit

was, Long Beach. Ons is net ’n paar dae gelede daar weg, waar die groot ouditorium was. O, goeiste, wat ’n diens het ons gehad!

79 En toe ons voorheen daar was, Broer Fuller, ’n wonderlike Christenbroer, hy het daardie middag uitgegaan, en hy die platvorm verlaat het om uit te gaan, daar het sy skare uitgegaan, welgeklede, intellektuele mense, en hy het ’n altaar-oproep gemaak, en een dame het haar hand opgesteek dat sy Christus wou ontvang, wonderlik, hy het ’n paar babas toegewy, uitgegaan. Groot ou gelowige is Charles Fuller.

80 En ek het die voorreg gehad om sy hand te skud, en ’n baie goeie man, maar om hom persoonlik te ken, om te sê dat ek ken, ek—ek ken nie, ken hom net van. . . deur. . . net om sy hand te skud.

81 Maar ek het sy groep opgelet wat uitgaan daardie middag. En ons groep het buite op die dek gewag ensovoorts, totdat sy diens verdaag is. En hier kom my groep in: rolstoele, krukke, dwangbaadjies; dis baie anders.

82 Wanneer jy kan staan en een of ander soort teologie praat, niks teen Dr. Fuller nie, ’n goddelike man, maar om te staan en hulle te vertel van Christus wat lewe en hulle sal red, hulle hulle hande laat opsteek en hulle naam op ’n boek sit, dis een ding. Maar wanneer jou geloof teen rolstoele, en krukke moet veg, en blind, doof, stom, kranksinnig, wat uitskree, baard oral oor hulle gesig, dis baie anders. Die duiwel wat oral sit om te kyk of daar een fout daarin is, sodat hy die kombers oor jou kan gooi.

83 So toe ek ingegaan het in die psigopatiese kamer, partymaal het hulle hulle daar, wat hulle die noodgeval noem, en ek sal nooit vergeet nie, ’n pragtige jong vrou het daar gesit. En daar sommige van hulle, o, goeiste! Ek hoop nie hierdie is ’n slegte ding nie, maar ek het in die plekke ingestap en ’n (Dis so ’n verskriklike ding, kranksinnigheid.) gesien, ’n—’n jong vrou ’n bedpan sien gebruik, dan haar gesig *so* was, met die. . . o, net. . . Lieflike mense, maar dis duiwel, dis ’n duiwel.

84 Hoe ek kon. . . Ek het my weerhou van getuienisse wat ek gesien het, wat onder julle aangegaan het in die dienste, wat was, wel, dit sou volumes boeke vul. Maar ek weerhou my om dit te sê, want ek sou. . . Ek—ek hou nie daarvan om dit te sê nie. Jesus het gesê: “Kyk dat geen mens. . . moet dit nie vertel nie. Gaan net voort, God sal eer daaruit kry.”

85 En ek glo nie in ’n klomp advertensies nie, ’n klomp dinge, dis iets wat gedoen is, los, los dit net uit, laat God daarvoor sorg, ek—ek hou meer daarvan.

86 En so, hierdie jong dame, sy sê vir my, sy het gesê: “Is jy Broer Branham?”

En ek het gesê: “Ek is.”

En sy het gesê: “Wel, sal jy my eerste neem?”

En ek het gedink: "Wel, jy is nie die . . . in hierdie psigopatiese kamer nie?"

Sy het gesê: "Ja, ek is veronderstel om te wees."

87 En ek het gesê: "Wel, goeiste!" So 'n mooi vrou, het gelyk na omtrent twintig jaar oud. Gelyk asof sy vir enige predikertjie 'n juweeltjie sou kon wees, 'n liefling.

88 En ek sê vir julle broers, soos ons almal weet, prediker of nie, daar's niemand wat jou kan troos soos 'n liefhebbende vrou, 'n ware vrou nie. Wanneer jy moeg en vermoeid inkom, en iemand kan gaan sit en jou aan die hand neem en sê: "Ek verstaan, en ek weet dis moeilik." Daar's iets omtrent dit. God het geweet wat Hy gedoen het toe Hy vir 'n man 'n vrou gegee het.

89 En toe het ek gedink: "Wat 'n juweeltjie sou sy as enige man se vrou wees." En ek het gesê: "Vertel my jou storie, Dame." Ek het gesê: "Daar is skynbaar niemand wat dit net nou dringend benodig nie. Hoe lyk dit?"

Sy het gesê: "Nou goed dan." Sy het gesê: "Ek is grootgemaak in 'n streng Christenhuis."

"Ja, Dame."

90 En sy het gesê: "Eenkeer, het ek begin, teen my ouers se wense, om uit te gaan met 'n kêrel wat 'n bottel in sy sak gedra het, en een aand, het hy my oorreed om iets te drink." En gesê: "Uiteindelik, het ek daardie een drankie geneem, en almal van hulle het vir my gesê ek was 'n muurblom as ek nie *dit*, *dat* gedoen het nie, en voor jy jou kom kry, het ek die gewoonte aangeleer om te drink." Sy het gesê: "Toe het ek met openlike prostitusie begin." En sy het gesê: "Ek . . . Hulle het my na die *Goeie Herder se Tuiste* toe gestuur," wat 'n Katolieke inrigting is. Sy het gesê: "Ek het my tyd daar uitgedien, drie of vier jaar, en het 'n Katoliek geword."

91 Gesê: "Toe ek uit hierdie inrigting kom," gesê: "toe was ek 'n Katoliek, ek het weer reguit teruggegaan na drank en prostitusie. Die polisie het my gevang en my vier jaar in die vrouegevangenis gegee. Toe ek daarbinne was, het ek goed gedien en weggebly van die dinge, want ek was, kon nie die dinge daarbinne kry om te drink, ensovoorts nie."

92 Gesê: "Toe ek uitgekom het, het dit my glad nie gehelp nie, ek het by 'n ander kerk aangesluit, ek het by twee of drie kerke aangesluit." En gesê: "Nou, hulle het my uiteindelik as kranksinnig verklaar." En gesê: "Hulle hou my net dop." Gesê: "Ek's 'n—'n malle."

93 "Wel," het ek gesê: "jy praat beslis nie soos 'n malle nie," om haar gees te probeer peil, julle sien, te sien wat sy was . . . wat verkeerd was, en ek kon dit net nie vind, op een of ander manier nie. En sy het gesê . . . aanhou praat.

94 En ek het gesê: "Het jy al ooit daaraan gedink om te trou, en 'n liefdevolle, goedhartige man te hê, en 'n klein babatjies, soos alle ware moeders wil hê, of, ware vroue graag wil hê, kindertjies?" Soos, jou dogtertjie haar klein babawaentjie sien stoot met 'n klein poppie daarin, en, julle weet, want sy gaan ook 'n moeder wees; dis waarom sy iets se moeder moet wees.

95 En sy het gesê: "O, ja, ek het daaraan gedink, Broer Branham. Maar," het sy gesê: "wie sal my wil hê?" Gesê: "Wat kan ek 'n man belowe? Nie eens 'n huis nie, ek is niks werd." En wanneer 'n persoon kan besef dat hulle niks werd is nie, dan is hulle in 'n toestand waar daar iets van hulle gemaak kan word. Maar wanneer jy dink dat jy net die *beste* is, wanneer jy niks is nie, dan is daar geen hoop vir jou nie.

96 Jesus het daar in die Bybel gesê: "Julle is nakend, beklaenswaardig, ellendig, blind en weet dit nie." Kan julle julle iemand op straat voorstel wat ellendig, beklaenswaardig, nakend, en blind was, en dit nie geweet het nie? En jy stap na hulle toe en sê: "Jy is nakend, Meneer." "Jy's nakend, Suster. Kom van-. . . "

"Hou jou mond, ek sal na my eie sake omsien, sien jy om na joune." Sien? Daar julle . . . Dis 'n hopelose geval.

97 Maar wanneer jy kan . . . 'n man sy toestand kan besef, dat hy sonder God is, sonder hoop, en sy sondes is nie onder die Bloed nie, en hy's—hy's 'n sondaar wat na 'n duiwel se hel gaan, en nie weet hy doen dit nie, dan is hy in 'n ellendige toestand.

98 So hierdie meisie het iets gehad waarmee jy kon werk. En ek . . . Na sy 'n paar oomblikke gepraat het, het die visioen gekom, en ek het toe gesien waar dit was, en ek het gesê: "Jong Dame, het dit ooit by jou opgekom dat—dat al hierdie dinge, hierdie hervormings, en blaadjies omslaan, ensovoorts, net 'n ritualistiese roetine was, om by een kerk na 'n ander aan te sluit, en beloftes te maak, ensovoorts?"

Sy het gesê: "Ja, Meneer, dit het."

En ek het gesê: "Het jy ooit gedink dat dit die duiwel was wat jou daardie dinge laat doen wat jy nie wil doen nie?"

Sy het gesê: "Mnr. Branham, ek het dit altyd geglo." Daardie groot, swart oë het geflits.

99 En ek het gesê: "Dis wat dit is, Suster. Jy kon nie beloftes onderteken, of by genoeg kerke aansluit, as jy boeke gehad het so hoog soos die gebou, sou dit jou glad nie help nie, dis die duiwel wat jou dryf na daardie dinge, jou dinge laat doen, as sy slaaf."

100 Dis hoe dronkaards, en—en sigaretverslaafdes, en—en onsedelikes, dis alles die mag van Satan wat die mense vashou, en hulle kan dit nie breek nie. Maar daar's Een Wat dit kan breek. Um-hum.

101 En ek het gesê: "Hier in jou hart, sê jy vir my dat jy graag sou wou trou en 'n man hê." Ek het gesê: "Jy's 'n pragtige meisie, jy sou 'n ware liefling kan wees vir een of ander klein, moeë predikertjie van God."

Sy het gesê: "Ek kon nie 'n prediker, niemand anders, enigiets belowe in hierdie toestand nie, Mnr. Branham."

102 Ek het gesê: "Maar ek wil vir jou iets sê, jou sondes mag so swart en smerig soos die hel wees, maar ek weet daar is 'n Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, waar sondaars gedompel onder die vloed, al hulle skuldvlekke verloor. Dit kan jou so wit soos sneeu maak."

Sy het gesê: "O, dit lyk asof dit net 'n mite kan wees, Mnr. Branham." Sy het gesê: "Ek wil dit wees."

En ek het gesê: "Sal jy saam met my bid?"

En sy het gesê: "Ja, Meneer."

103 So sy het omgedraai, neergekniel by die stoel waar sy was, en ek het aan die ander kant gekniel. Ek het gesê: "Nou, bid jy." Sien, sy kon vir haarself bid, so ek het gesê: "Bid jy." En sy het baie opreg gebid. En ek het net stil gestaan, gevoel of die gees haar verlaat het.

104 Maar na 'n rukkie, het sy opgestaan, en sy het gesê: "Mnr. Branham, ek gaan jou hand neem en vir jou 'n belofte maak dat ek, van hierdie dag af, nooit weer sal rook nie, ek sal nooit weer drink, of nooit weer 'n prostituut wees nie."

105 Ek het gesê: "Ek glo, my suster, dat jy dit bedoel, maar dis nog nie verby nie. Jy het dit soveel keer gedoen, maar dit is nog nie verby nie, daar moet iets gebeur."

Sy het gesê: "Wat bedoel jy, Mnr. Branham?"

Ek het gesê: "Kniel weer, en hou net aan bid."

106 So ek het my hand oorkant op haar skouer gesit, en ek het begin bid en gesê: "Here God, U het hierdie vrou so gemaak, sy is 'n diensmaagd, en sy is U . . . kan U dienaar wees en kan 'n vrou wees vir een of ander goeie man. Sy's 'n pragtige vrou en U—U kan haar help, Here, en die duiwel het haar gebind, ek bid U, Here God, om hom haar te laat verlaat."

107 Sy het aanhou bid, meteens, het sy haar note in haar gebed begin verander, met ander woorde, sy het, die wenlopie geslaan. Iets het gebeur! En sy het meteens omgedraai en na my gekyk, daardie groot, starende oë, soos 'n Engel toe, en met die trane wat teen haar wange afgeloop het, het sy opgespring en het sy gesê: "Meneer, ek het nog nooit in my hele lewe so gevoel nie."

Ek het gesê: "Nou is dit verby." Iets . . .

108 Dit was omtrent ses jaar gelede, of sewe, sy's nou getroud en het twee goeie kinders. Sien? Sy was 'n prostituut *tot* op daardie

tyd, daardie tyd toe Christus 'n houvas gekry het. Sy was 'n goeie meisie totdat die bose 'n houvas gekry het, van *toe* af.

109 Baie van julle mans hierbinne kan saam met my onthou, ek was net 'n seun op daardie tydstip, toe die eerste Wêreldoorlog in 1919 gekom het, omtrent een-en-veertig jaar gelede, of veertig, ja, omtrent een-en-veertig jaar gelede. Toe die eerste Wêreldoorlog . . . onthou julle die goeie bedoelings wat hulle gehad het? Hulle het gesê: "Ons sal geen oorlog meer hê nie, hierdie handel dit af. Stuur julle seuns oorsee, en ons sal die, hierdie oorwin en daar sal geen oorlog meer wees nie."

110 Maar wat het gebeur? Daar het nog een gekom. Wat het hulle . . . ? Tussen daardie tye, het hulle gekry wat die Volkebond genoem is. Hulle het gesê: "O, ons het iets bereik, ons het 'n Volkebond, hulle sal die wêreld polisieër." Maar ons kom reguit aan na nog 'n oorlog.

111 En nou het ons wat ons die V.N. noem en dit speel dieselfde rol. Waarom doen Castro wat hy doen, as daar 'n polisiemag is wat dit kan stop? Sien? Ons dink dat ons hierdie dinge kan doen, maar ons kan nie. Daar is een of ander dingetjie wat begin, en van daar af begin dit rol.

112 Dis dieselfde ding wat in 'n kerk begin, 'n klein geskinder begin in die kerk, en dit bereik 'n punt wat die kerk sal opbreek en dit verdeel. Dis wat die Pinkstergroepe opgebreek het, dis wat hulle omtrent twintig of dertig verskillende organisasies maak. Dis wat die Lutherane opgebreek het. En nou, is ons negehonderd-en-iets verskillende organisasies, van al die protestantse kerke, is omdat een of ander dingetjie begin het. Ons behoort nie verdeeld te wees nie, ons behoort een Kerk te wees, een broers, een broederskap, wat skouer-aan-skouer staan in hierdie dae.

113 Die jong getroude paartjie mag so sê: "Ek en John het baie goed aangegaan, maar eendag het ons begin stry, en van toe af het dit voortgegaan totdat ons uiteindelik geskei het. Hier is ek met die kinders, John is weer getroud."

114 Of, dit mag gewees het: "Ek het so getrou aan John gebly as wat ek kon, maar 'n sekere, klein, krul-kop verkoopsmannetjie het eendag aan die deur geklop, en ek—ek weet nie wat gebeur het nie."

115 Of, hy mag sê: "Ek was so getrou aan Mary as kon wees, maar eendag was ek in 'n sekere winkel, en hierdie meisie het soort van verbygekom en wel, van toe af." Daar het julle dit, sien, dit moet 'n tyd hê waar dit begin het.

116 Wel, ek hou aan om julle te vertel van dinge wat verkeerd begin en verkeerd eindig, is daar enigiets wat kan gebeur wat 'n *Ewige* daaraan het, iets wat kan hou, wat goed is? Ja, ek wil sê daar is, en dis wanneer 'n man God ontmoet, van daardie tyd af aan is hy 'n veranderde skepsel, is hy nooit weer dieselfde nie.

117 Ek gee nie om hoe laag hy in sonde gedaal het nie, ek gee nie om hoe onsedelik die vrou was, of hoe laag die man was, hoe lank hy sonder God was, en hoeveel keer hy Sy genade versmaai het nie, tog, wanneer hy God ontmoet, van daardie tyd af is hy 'n veranderde man, of 'n veranderde vrou.

118 Laat ons net praat oor 'n paar karakters wat God ontmoet het. Kom ons dink aan Abraham, hy was net 'n gewone man, hy was nie enige spesiale persoon nie. Jy hoef nie 'n spesiale persoon te wees om God te ontmoet nie, jy moet net wees wie jy is, en dan God ontmoet.

119 Nou, Abraham was nie 'n Jood nie, Abraham was 'n Heiden uit die land van Chaldéa, die stad van Ur. En hy was net 'n gewone man, wat uitgestap het in die—die velde, en miskien het hy gekom van—van die toring van Babel af saam met sy vader.

120 En hy het in die land Sinear gewoon, en—en miskien het hy uitgegaan in die oggend en bessies gepluk en dit geëet, en uitgegaan in die woud en 'n dier doodgemaak om sy proteïene ensovoorts te kry, waarskynlik 'n gewone lewe gelei. En hy het met sy halfsuster getrou, wat Sara was. En toe sy vyf-en-sestig jaar oud was en hy vyf-en-sewentig jaar oud was . . .

121 Ek het 'n goeie vriend hier, ek dink nie hy is in die gebou vanaand nie, ek het oral na hom gesoek, ek hou van die man, dis Milo Durney. Ek dink nie hy's hier nie, iemand het gesê hy was nou die aand hier, maar as hy hier is, het hy beslis verander vandat ek hom gesien het.

Mnr. Durney, as jy teenwoordig is, en ek herken jou nie, vergewe my net 'n oomblik.

122 Ek hou van Mnr. Durney, hy's 'n regte man. En die vriendskap wat ons eendag gehad het, toe ek sou . . . 'n beer bo-op die berg geskiet het. En ons het soontoe gegaan om 'n eland op te tel wat Eerwaarde, Mnr. Rasmussen, wat julle almal baie goed ken, het, glo ek het . . . nee, Mnr. Baxter het—het 'n eland doodgemaak, en—en die beer was in die skoonmaak. En ons was . . . Ek het die beer geskiet, en hy het vir my gelag, omdat ek dit van so ver af geskiet en dit so goed getref het.

123 En toe op pad onder toe, het ons 'n baie goeie gesprek gehad. En daar's iets omtrent die man waarvan—waarvan—waarvan—waarvan ek—ek hou. En nou, verstaan ek dat hy baie, baie, siek is. En ek—ek dink hy het die—die plek gebel waar ek bly, vandag, of iemand het my iets daarvan vertel. As jy hom ken, of as hy hier is: Jy moenie wegbly nie, Mnr. Durney, jy moet hier in daardie gebedsry wees, môre. Jy mag oud word, dis waar, maar God genees die oues, jy word nooit te oud nie.

124 Kom ons kyk na Abraham, hy was net 'n gewone man soos jy, Mnr. Durney, wat waarskynlik sy lewe gemaak het buite in die bosse, ensovoorts, maar toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, het God hom eendag ontmoet en gesê: "Jy gaan 'n baba kry by jou

vrou, Sara." En sy was omtrent twintig jaar verby menopouse, en hy het saam met haar gelewe vandat sy 'n jong meisie was, dit was sy halfsuster, onmoontlikheid.

Maar wat het Abraham, het hy gesê: "Wel, nou, wag, ek's te oud"? Nee. Die Bybel het gesê hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie.

125 Laat ons net . . . dit ma- . . . Ek hoop nie dit klink ontheiligend nie, maar laat ons net hulle familievergadering hou vir 'n oomblik. Ek kan hom hoor ingaan, sê: "Sara, Skat, ek wil vir jou iets vertel, Jehova het met my gepraat daar buite, vandag, in die veld, en gesê ons gaan 'n baba hê." Sy, vyf-en-sestig en hy, vyf-en-sewentig. Wel, ek kan my voorstel nadat hy God op Sy Woord geneem het, het hy dorp toe gegaan en bietjie garing gekoop, en gesê: "Sara, brei nou die klein kousies, en maak al die klein goedjies gereed, want ons gaan 'n baba kry."

126 Kan julle julle 'n ou man en 'n vrou soos daardie voorstel, wat afgaan na die dokter hier in Dawson, en sê: "Dokter, ons wil 'n hospitaalkamer bespreek, want binnekort gaan ons 'n baba by ons huis hê, ek en my vrou"?

127 O, ek sou my voorstel die dokter sou sê: "Arme ou man, hy's soort van 'n bietjie van sy kop af. Los hom net—net uit, hy—hy's onskadelik, hy sal niks seermaak nie." Maar wat? Dit was—dit was God se waarheid.

128 En die eerste agt-en-twintig dae het verbygegaan, julle onthou nou, sy's omtrent, etlike jare verby menopouse, sodat ek Abraham kan hoor opgaan en sê: "Sara, Skat, hoe voel jy?"

"Niks anders nie."

"Prys God, ons gaan dit in elk geval kry."

'n Jaar het verbygegaan: "Sara, hoe voel jy, Skat?"

"Niks anders nie."

"Halleluja, ons gaan dit in elk geval kry."

Tien jaar het verbygegaan: "Het jy nog die kousies, Skat?"

"Ja, hulle lê net *hier*."

"Prys God, ons gaan dit kry."

"Hoe weet jy?"

"God het so gesê, dit handel dit af. Ek het God ontmoet, en ek glo God, dit handel dit af." Van daardie tyd af, was Abraham 'n veranderde man.

En vyf-en-twintig jaar later, was hy 'n honderd en was sy negentig: "Hoe voel jy nou, Skat?"

"Niks anders nie."

129 "Prys God, ons sal dit in elk geval kry. Groter wonderwerk nou as wat dit aan die begin was, net vyf-en-twintig jaar." Maar ons sê ons is die Saad van Abraham, en as God ons nie oombliklik

genees nie, sê ons: "Wel, ek het my genesing gemis." En sê dan ons is die Saad van Abraham?

130 Abraham se Saad neem God op Sy Woord en hou Daaraan vas. Hulle ontmoet God op die voorwaardes en sê: "Hier is dit, Vader, dis net hier afgehandel, vanaand." Dis so vir die ware Saad van Abraham! Niks kan hulle daarvan wegneem nie, geen seerkry, geen pyne, geen ongemak, nie enigiets anders nie, geen dokter, geen . . . tienduisend kon oorkant staan en sê: "Jy is sterwend." Jy sê: "Dis nie so nie." Sien? Hulle weier. Weier om enigiets anders te hoor, wanneer jy God ontmoet.

131 En partymaal wanneer jy God ontmoet, laat dit jou belaglik optree teenoor die buitewêreld. Kan julle julle voorstel Abraham gaan uit, wil . . . die mense vertel hy gaan 'n baba by sy vrou kry? Maar hy moes homself skei van al die ongeloof.

132 En dis wat God uitroep na elke man of vrou. Wanneer Hy jou ontmoet, en jou sondes vergewe, en jou roep om Sy diensskneg te wees, verwag Hy van jou om jouself te skei van alle ongeloof, jouself los te maak van alle dinge wat goddeloos is, "Moenie na die wêreld kyk nie. Kom onder die wêreld uit, moenie aan die onrein goed raak nie, en Ek sal julle aanneem, sê die Here, en julle sal vir My seuns en dogters wees, en Ek sal God vir julle wees."

133 Ja, kom onder ongeloof uit, skei jouself. Afsondering! God is 'n segregasionis. Het Israel uitgeroep, Hy het Sy mense uitgeroep, Hy roep Sy . . . Die einste woord *Kerk* beteken: "uitgeroep."

134 Nou, Hy is 'n segregasionis, God wil nie hê Sy kinders moet meng met die wêreld of die dinge van die wêreld nie. Maar hulle het net in elk geval die baba gekry.

135 Nou, Moses, hy was 'n intellektuele reus. Hy is deur sy mamma geleer dat hy die verlosser sou wees, en hy het geweet dit kom naby aan die tyd wat God vir Abraham belowe het dat sy saad vierhonderd jaar sou vertoef in 'n vreemde land, uitgebring sou word met 'n magtige hand.

136 En sy mamma, het hom miskien vertel en gesê: "Moses, toe jy 'n babatjie was, het jou vader, Amram, toe hy in die baksteenoond gewerk het, sou hy elke aand bid, heelnag lank: 'God, stuur 'n verlosser.'

137 "Een aand, in 'n visioen in die boonste verdieping, het hy 'n groot Engel sien staan met 'n swaard wat noord wys, en wat gesê het: 'Ek's gereed om die mense uit te neem.' En ek het jou verwek, Moses, reg onder die bedreiging van Farao. En ek het jou weggesteek in die biesies, en reg tussen die krokodille wat vet was van die babas van Egipte, maar God het jou verlos. En jy was 'n gepaste kind toe jy gebore is, jy is gebore om 'n profeet te wees, Moses. Jy is God se diensskneg. En toe is jy grootgemaak hier onder Farao se drumpel, jy's die volgende Farao, maar onthou,"

soos Jogébed vir hom sou gesê het: "onthou die gebooie van die Here."

138 Toe het Moses gestudeer en hy was 'n groot militêre man, hy was 'n intellektuele reus. Goeiste, hoe die intellektueles! Hy kon, hy was so slim, hy kon die Egiptenare wysheid leer, maar toe het hy probeer om die kinders op sy eie manier te verlos. Jy kan dit nie doen nie, jy moet jou manier vergeet en God se pad volg.

139 Dis wat ek vanaand probeer sê. Goddelike genesing is nie gebaseer op een of ander geestesverrukking nie, dit is ook nie gebaseer op 'n bietjie olie uit iemand se hande, of een of ander hokus-pokus nie, Goddelike genesing is gebaseer op die gestorte Bloed van Jesus Christus, die versoening. "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." So dis op die versoening.

140 En solank ons probeer om 'n Kerk vir God te bereik, tree ons teenstrydig op, met Sy wil, ons moet die Gees in ons lewens laat inkom, ons lewens laat oorneem, Hom Sy wil in ons harte laat geskied.

141 Ons groot kerke, ek het niks teen hulle nie, maar tog, broer, in dit alles, het ons God steeds nodig. Ons het die beste kerke wat ons ooit gehad het, die grootste predikers wat ons ooit voortgebring het, opvoedkundige reuse, maar waar is die krag van Sy opstanding? Waar is daardie Jesus wat gesê het: "Die werke wat Ek doen, sal julle ook"? Waar is . . . ? Waar is hulle?

142 Let op, Moses het toe in homself probeer en 'n Egiptenaar doodgemaak. En wat het gebeur? Toe hy die Egiptenaar doodgemaak het, het hy bang geword en in die woestyn ingevlug, en 'n pragtige, jong Ethiopiese vrou daarbuite gevind, met die naam van Sippóra, en hy het met haar getrou, en gevestig, en 'n kind gehad, klein Gersom, en was waarskynlik baie tevrede, omdat Jetro se trop skape, hy dit sou erf.

143 En hy het oud geword, en die visioen van verlossing, was heeltemal vergete vir hom, en hy was nou tevrede om net 'n gewone skaapwagter te wees, en hy was tagtig jaar oud.

144 Eendag aan die agterkant van die woestyn, terwyl hy in 'n ou paadjie afstap, wat bekend was, was sy aandag getrek, deur 'n brandende bos. En van toe af, was Moses 'n ander mens.

145 Let op, God het gesê: "Ek gaan jou reguit terugstuur na Egipte toe. Gaan terug onder na waar jy . . . Nou, moenie teruggaan en 'n—'n baccalaureus artium kry nie. Moenie gaan en nog bietjie sielkunde studeer nie. Moenie soontoe gaan en jou doktorsgraad kry nie. Maar Ek gee vir jou 'n krom stok, neem hierdie en sê vir hulle EK IS het jou gestuur." Maar, wat was dit?

146 Die volgende dag, 'n geleerde, slimste man in die land, die belaglikste gesig: Hy het sy vrou op 'n muil laat sit, met 'n kleintjie op haar heup soos *hierdie*, en die ou wangbaarde wat

wapper, 'n ou krom stok in sy hand, wat 'n muil lei: "Komaan hier, laat ons gaan!"

"Waarheen gaan jy, Moses?"

147 "Gaan onder na Egipte toe om oor te neem." Een-man inval, maar die ding was, hy het dit gedoen. Hoekom? Hier is dit: Hy het God ontmoet, en van toe af, was hy 'n veranderde mens. Dit was 'n stok en dit sou. . . op die heuwel die vorige dag, maar in die hande van God se gesalfde profeet, het dit die oordeelstaf van God geword wat Egipte met plae getref het. En dit was 'n een-man inval wat die kinders verlos het, omdat hy God ontmoet het. Hy het nie 'n leërmag nodig gehad nie, Hy het net God nodig gehad.

148 Mag ek 'n oomblik hier stop en julle my verskoon in my boodskap. Julle het groot moontlikhede. Julle is goeie mense, julle koninklike Kanadese, maar daar's een ding wat julle nodig het, is om te vergader en 'n ontmoeting met God te hê deur die doop van die Heilige Gees uitgestort op julle kerke hier, dan sal dinge gebeur.

149 Julle is goed, getrou, maar jy moet God eenkeer ontmoet, dan word dinge verander wanneer julle God ontmoet. Ja, dit laat jou belaglik optree, en dit—dit—dit laat die wêreld vir jou lag, maar die ding is, as, God, jy Hom ontmoet het en Hy het so gesê, dan kan jy dit doen. God het so gesê, dit het dit afgehandel.

150 'n Klein maagd eendag, sy het waarskynlik 'n harde tyd gehad, 'n pragtige dametjie, sy het haarself skoon gehou van die wêreld, en sy het in 'n baie slegter dorp gewoon as Dawson Creek, sy het in Násaret gewoon, maar sy het haar voorgeneem in haar hart dat sy God sou dien. En sy was net 'n gewone vroutjie, sy het met 'n man uitgegaan wat 'n wewenaar van vier kinders was, en sy naam was Josef, en hulle het beplan om te trou.

151 En eendag toe sy die kruik op haar kop gehad het, miskien na die maagde se put toe gegaan het, hulle noem dit: "Die put van die Maagd," en soos sy teen die heuwel afgekom het om te skep, miskien sê dit was Maandagoggend, sy sou die daaglikse voorraad water skep. En daardie vroue kan 'n kruik water op hulle kop dra, een op elke heup, en net so stabiel loop.

152 En sy het afgegaan om die water te skep, en sy het die kruik, miskien, onder haar arm gehad, en sy het aangestap en gedink aan 'n Skrif wat sy miskien die Rabbi gehoor het, of miskien sy en Josef, wat van die voorstoep af oor die heuwel gekyk het, waar hulle hulle tuiste sou hê. En hy was 'n skrynwerker, en al die deure moes perfek pas, julle weet, en die hartjies teen die muur, omdat hy sy liefling na hierdie een sou neem, hierdie was 'n spesiale huis, hy en sy liefling sou daarin woon.

153 En hulle het die Boekrol gelees, en, op die voorstoep, en Josef het hierdie Skrif gelees die vorige dag: "'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is vir ons gegee. En die heerskappy sal op

Sy skouers wees, en Sy Naam sal genoem word, 'Raadsman, Vredevors, Sterke God, die Ewige Vader.' En aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie."

En miskien het Maria gesê: "Josef, sal jy weer daardie Skrif lees, Skat?" En hy het dit weer gelees. "Van wie het Jesaja daar gepraat?"

"O, sonder twyfel die Messias. Hy sal eendag kom."

154 En die volgende oggend op die pad, net 'n klein, gewone meisie van omtrent agtien jaar oud, wat aanstap om die water onder by die put te skep, en op haar pad daardie oggend, het sy miskien'n—'n Lig sien flits, en sy het gesê: "Miskien was dit die son gewees," wat opgekom het in die vroeë oggende van Juda, en die dou wat die geur onder op die grond hou, hoe pragtig!

155 Ek dink die dagbreek is die mooiste tyd van die dag. Sien, al die duiwels het opgehou rondloop, en—en die Heilige Gees . . . Ek dink enige man wat na die preekstoel toe kom om te preek, behoort te bly in die stilte van God, uit te kom as 'n soet geurige aroma, gesalf met die Heilige Gees om die Woord van God te spreek. Uit te kom in die oggend, na die nag, uit te stap in die helderheid van die Heilige Gees.

156 En ek sien hom daar soos hy, o, sy gegaan, aangestap het, en meteens, het 'n groot Ligkolom voor haar gehang, en onder hierdie Ligkolom het die groot Engel, Gabriël, gestaan. Hy het gesê: "Heil, Maria," ("Stop," ander woorde), "geseënd is jy onder die vroue, want jy het genade by God gevind." En hy het haar vertel van haar niggie, Elisabet, hoe sy op haar oudag swanger geword het, en wat eers onvrugbaar genoem was, 'n kind gaan kry.

En gesê: "Jy het guns gevind by God, en God gaan jou 'n Baba gee, sonder om 'n man te hê."

Sy het gesê: "Hoe sal hierdie dinge gebeur?"

Gesê: "Die Heilige Gees sal jou oorskadu. En daardie Heilige, wat uit jou gebore sal word, sal die Seun van God genoem word."

157 Let op, Maria, sy het God ontmoet. Sy het nie gewag tot sy sê, verskoon my, susters, maar sy het nie gewag om te sê: "Wag tot ek lewe voel, wag tot ek seker is, dan sal ek daarvan getuig," nie. Nee, sy hoef nie te gewag het nie, sy het God op Sy Woord geneem. Sy het God ontmoet, en onmiddellik het sy begin getuig: "Ek gaan 'n Baba kry, sonder om 'n man te hê." Ja, meneer.

158 Hoekom? Sy was seker, sy het God ontmoet, dinge het verander. Sy was nie skaam nie, dit was, vir haar was net so goed of sy het die Baba in haar arms gehad, want God het so gesê. O God, gee vir Dawson Creek 'n paar Marias soos daardie.

159 [Leë kol op band—Red.] " . . . deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom." Ek het die maagprobleem gehad, en Satan het vir my gesê, gesê: hy het my bly sê: "Nou, jy's glad nie beter

vandag nie, jy weet, jy kan niks eet nie." Ek sou in elk geval net eet, en binne omtrent twee minute opgooi, nog 'n bietjie eet en weer opgooi en dit weer eet.

En hy het gesê: "Jy weet jy maak net skande."

160 Ek het gesê: "Kyk hier, jou ou geslepene, as jy my wil hoor getuig, bly hier. Maar as jy moeg word daarvan, gaan uit, want ek gaan getuig solank ek 'n asem in my liggaam het. Ek gaan God prys dat Hy Jesus Christus na hierdie aarde laat kom het om my te genees, ek aanvaar dit as my persoonlike eiendom." Hy het my verlaat. Sekerlik, hy raak moeg om jou te hoor getuig van Jesus. Hy probeer jou laat ophou daarmee, maar jy moet dit nie doen nie, jy het God ontmoet. God is teenwoordig, en jy weet Hy is daar, en hier is Sy belofte geopenbaar aan jou: "Deur Sy wonde, het daar vir my genesing gekom," dan gebeur daar iets.

161 Let op, sy het reguit opgegaan deur die berge. O, ek kan daardie klein maagd sien, verskoon my dat ek soveel tyd neem, ek kan daardie klein maagd sien soos sy teen die berge opklim, julle weet, met haar blosende gesiggie. O, hoe sy in die pad opgegaan en net God geprys het.

162 En Elisabet, julle weet, dit was Sagaria se vrou, sy was omtrent vyf-en-vyftig of sestig jaar oud, maar hulle het hulle hele lewe lank gebid om 'n seun te hê. En haar man was 'n priester in die tempel, en toe hy het, in die dae van sy bediening om wierook te wuif terwyl die mense gebid het, het Gabriël na hom gekom en gesê sy . . . hy so- . . . sy vrou sou swanger word.

163 Sien julle na watter soort huise Engele gekom het? Is huise wat God vertrou. Dis reg, dis reg. Maak nie saak watter soort huis dit kan wees nie, net solank jy God vertrou, of dit 'n klein, nederige skuurtjie is, of waar dit ook al is, as jy net op God sal vertrou, dis al.

164 En ons vind uit dat Elisabet haarself nou verberg het, vir 'n paar maande, sy moes moeder word, maar sy was bekommerd. En nou, julle weet, ek sien hierdie (Dames, asseblief, susters, verskoon my deur dit te sê.), maar hierdie vroue wat moeders moet word wat hierdie langbroeke dra buite op straat, ek dink dis die skandelikste ding vir die menslike ras. Dis 'n jammerte om te dink dat hulle dit sou doen.

165 O, natuurlik, ek's seker hulle doen dit nie hier by Dawson nie, maar—maar hulle doen dit onder in die State, dis verskriklik. Hulle haat my omdat ek sê.

166 Maar tog, het 'n vrou vir my gesê 'n tyd gelede, sy het gesê . . . Ek het hulle gesê oor om daardie onsedelike klere te dra, ek het gesê: "God sal julle laat antwoord vir owerspel pleeg."

Sy het gesê: "Ek's, pleeg nie owerspel nie."

167 Ek het gesê: "Maar Jesus het gesê: 'Wie ook al na 'n vrou kyk om haar te begeer, het owerspel met haar gepleeg in sy hart.'

Dan wanneer daardie sondaar antwoord vir owerspel, met wie het hy dit gepleeg? Omdat jy jouself so vertoon het." Dis reg, jy sal antwoord gee op die Oordeelsdag. Dis net so.

En sy het gesê: "Wel, ek sal jou net nou vertel," het sy gesê: "ek dra nie kortbroek nie, ek—ek—ek dra langbroek."

168 Ek het gesê: "Dis erger. Die Bybel het gesê dis 'n gruwel in die oë van God vir 'n vrou om mansklere te dra." God verander nie. Dis presies reg.

169 Ek het vanmôre gepraat van hierdie vrou, onsedelike vrou, wat Jésus se vuil voete gewas, hulle afgevee het met haar hare. Party van ons Pinkstersusters moet op hulle kop staan om genoeg hare te kry om die voete te was, sny dit alles af. Sien? Dis reg. Dit was altyd verkeerd vir julle om dit te doen. Dis steeds verkeerd vir julle om dit te doen! Die Bybel leer duidelik, as 'n vrou haar hare sny, het haar man 'n reg om van haar te skei, van haar te skei.

170 Gesê as sy haar hare sny, onteer sy haar hoof, haar man, en daar moenie by 'n oneerbare vrou gebly word nie. Ek beter nou stilbly, ek sal julle predikers net hier kry . . . Ek vertel julle net die waarheid. Julle gaan voor my staan daaroor op die Oordeelsdag, dis SO SPREEK DIE HERE, in Sy Woord.

171 'n Dame het gesê: "Hulle maak nie . . . Al wat hulle maak is hierdie Hollywood, wulpse rokke."

Ek het gesê: "Hulle het nog altyd naaimasjiene en materiaal." Moenie—moenie probeer om daar om te kom nie. Nee, meneer.

172 Ek kan hom sien . . . Elisabet wat daar sit, haar naaldwerk doen, haar skoentjies en goedjies vir die baba wat gaan kom, en sy trek die gordyn oop, en sy kyk, en sy sien Maria, hierdie pragtige meisietjie wat net so vinnig hardloop as wat sy kan.

173 In daardie dae het hulle liefde vir mekaar gehad. O, sy staan op, en hardloop baie vinnig, en sy gryp Maria, en omhels haar, en het gesê: "O, Skat, ek is so bly om jou te sien." Ek hou daarvan om mense dit te sien doen, ek—ek glo daarin om ware broers te wees.

174 Hier 'n tyd gelede, het ek 'n diens gehou onder in Florida, en ek het soontoe gegaan, en hulle het 'n tent gehad daaragter op 'n groot plek, en ons het 'n groot diens gehad, en daar was omtrent agt- of tienduisend mense wat die diens bygewoon het. En een van die bestuurders het vir my gesê, gesê: "Broer Branham," gesê: "die Hertogin wil jou sien."

Ek het gesê: "Die *wie*?"

Gesê: "Die Hertogin."

Ek het gesê: "Wat is dit?"

Gesê: "Die vrou, die Hertogin, wat al hierdie eiendom hier besit waarop jou—jou tent staan."

Ek het gesê: "Wel nou, kyk hier na daardie arme siek mense wat my ook wil sien."

"O," maar gesê: "sy's 'n Hertogin."

Ek het gesê: "Wel, dit. . .maak dit haar enigsins anders as iemand anders?" Sien? Glad nie.

175 Julle weet, ons steek ons neus op en asof ons. . .reën, sou dit ons laat verdrink, en dink ons is *iemand*, en in elk geval, is ons net vier-en-tagtig sent se chemikalieë werd, dis al. Julle trek 'n vyftig dollar of 'n honderd-dollar nertsjas aan vier-en-tagtig sent, julle sorg regtig daarvoor. Maar julle het 'n siel wat tienduisend wêrelde werd is, en julle sal enigiets daarin afdruk. Ja.

176 Ek, toe ek van die tent afgekom het daardie aand, was daar 'n yslike groot, gesette vrou wat daar gestaan het, met genoeg juwele aan haar hand om 'n sendeling tien keer om die wêreld te borg. Sy het gesê: "Is u *Doktor* Branham?"

Ek het gesê: "Nee, Mevrou." Ek het gesê: "Ek is Broer Branham."

Sy het gesê: "Ek is *geëerd*." En sy het daardie groot hand *hierbo* gehou.

177 Ek het gesê: "Laat dit sak, sodat ek jou sal ken wanneer ek jou weer sien," soos *daardie*. Ek haat dit om te sien dat enigiemand 'n houding kry, nie waar nie? Wat hulle "houding," noem.

178 En sy het 'n bril gehad, sy het dit op 'n steeltjie gehad, ho-. . . Julle weet, niemand kan so ver soos *daardie* sien, deur daardie bril soos daardie te hou, te kyk nie, gesê: "Is u *Doktor* Branham?" Dis net, dis iets probeer wees wat jy nie is nie. Jy is nie!

179 Soos Kongreslid Upshaw eenkeer gesê het: "Jy kan niks wees wat jy *nie is* nie." Nou, dit was 'n kongreslid in die Verenigde State. Baie van julle ken sy getuienis. Hulle het hom na Los Angeles toe gebring daardie keer, was in 'n rolstoel vir ses-en-sestig jaar, ek het die visioen bo-oor hom sien gaan, en ek het gesê: "Meneer, Jesus Christus maak jou gesond." En hy het na die platvorm toe gehardloop, sy voete geraak, heen-en-weer. Kongreslid Upshaw, dierbare ou gelowige van God.

180 Het Winston Churchill geken, net soos ek een van my predikerbroers en almal van hulle ken sou ken, gegaan, getuig van sy genesing vir hom en dit alles. En net 'n wonderlike ou man, het pas huis toe gegaan om God te ontmoet op amper iets oor die negentig jaar oud, 'n jaar of twee gelede.

181 Nou, toe. . .Nou die dag het ek in die straat afgeloop saam met my vrou, en daar het 'n suster in die straat afgekom, en ons het gery, en hierdie suster het gesê: "Hoe gaan dit, Suster Branham?"

Ek het omgekyk, ek het gesê: "Skat, daardie vrou het met jou gepraat."

En sy het gesê: "Ek het met haar gepraat."

182 "Wel," het ek gesê: "ek's seker sy het jou nie gehoor nie," Ek het gesê: "want ek sit nie 'n voet van jou af nie, en ek het jou nie gehoor nie. So hoe gaan sy jou hoor daarbuite twintig voet ver in die straat af?"

183 En sy het gesê: "Ek het geglimlag." 'n Klein ou, lawwe glimlaggie! Ek hou van daardie ou, groot ou, pomp-handvatsel handdruk, "Steek dit hier uit," julle weet, soos daardie. Hou julle nie daarvan nie? Sodat jy 'n gevoel daarin sit. Dis reg.

184 Paul Rader het eenkeer gesê, gesê hy het by die tafel gesit, hy en sy vrou het 'n argumentjie gehad. Hy het begin werk toe gaan, en hy het haar altyd by die deur gesoen, gesê: "*Soen*. Totsiens, Skat." Het uitgegaan en sy sou wag, wanneer hy by die hek kom, totsiens wuif, en hy het in die straat afgegaan.

185 Gesê daardie oggend het hulle 'n argument gehad, en so, klein familietwis, en so, het hy gesê hy het in die straat begin afgaan, en sy het gesê: "Totsiens," en vir hom gewaai by die hek: "Totsiens." En gesê hy het begin dink: "Sy's so 'n goeie vrou, wat as sy sou sterf? Wat sou ek maak? Hoe sou ek sonder haar klaarkom?"

186 So hy het gesê hy het nog daaroor gedink en gedink: "Ek mag sterf, en ek—ek sou nie wou. . . O, sy's 'n liefling!" Hy het baie vinnig omgedraai, en in die straat opgehardloop, die hek oopgemaak en ingehardloop, die deur oopgeruk, en kon haar nêrens sien nie. Hy het iets hoor maak: "*Snik*, *snik*," en het agter die deur gekyk, en sy het met haar kop teen die muur gestaan en huil.

Hy het haar net omgedraai en haar gesoen, en gesê: "Totsiens, Skat."

Sy het gesê: "Totsiens."

Hy het by die hek uitgegaan en omgedraai, gesê, omgekyk, sy het by die deur gestaan, en hy het gesê: "Totsiens."

Sy het gesê: "Totsiens."

187 Maar gesê: "Sy het gewaai net soos sy die eerste keer het, maar," gesê: "die laaste keer het 'n gevoel daarin gehad." So dis net omtrent hoe dit is, ons—ons—ons moet dit uit jou hart bring.

188 Dis hoe dit met ons godsdiens is, as daar nie 'n gevoel daarin is van Goddelike aanbidding aan Christus nie, dat jy glo dat Hy die Seun van God is, dat jy Hom liefhet met jou hele hart nie, maak nie saak hoe jy die Apostoliese Geloofsbelydenis mag sing, of die Doksologie nie, jy mag—jy mag in staat wees om soos 'n spotvoël te sing, maar as dit nie 'n gevoel daarin het nie, sal

God dit nie sien nie. Dis reg. Jy moet ’n gevoel van goddelike aanbidding in jou hart hê.

189 So ek sou my voorstel toe Elisabet Maria gevang het, nou kan ek haar hoor sê: “O, Maria, wel, jy’s so pragtig!”

“Wel, Elisabet, jy het glad nie verander nie.”

“Nie? Wel, dankie. Wel, o, Maria, um, o, ek reken jy het die nuus gehoor?”

“O, ja, ek het die nuus gehoor. Jy gaan ma word.”

“O, ja. Ja, dis reg.”

Sy het gesê: “Wel, jy weet, ek gaan ook ma word!”

“O, is jy en Josef al getroud?”

“Nee, nee, ons is nie getroud nie.”

“O, jy trou met ie-. . . jy het met iemand anders getrou?”

“Nee, ek het nog nie getrou nie.”

“En jy gaan ma word?”

“Ja. Uh-huh.”

“Hoe weet jy?”

“God het so gesê.” Dis reg. Um-hum. Dis reg.

“Wat gaan Dit wees? Hoe gaan jy Dit kry?”

“Die Heilige Gees sal my oorskadu.” En sy het gesê: “En jy?”

190 Sy het gesê: “O, ek’s alreeds vier, of, ses maande ver swanger.” Nou, luister, julle luister na julle dokter, nou ek is julle broer. Nou, dis abnormaal. Sien, lewe is omtrent drie tot vier maande. Gesê: “Ek’s ses maande ver, en daar’s—daar’s nog geen lewe nie.” Gesê: “Ek—ek is baie bekommerd.”

En sy het gesê: “O, die Heilige Gees het my oorskadu, en gesê ek gaan ook ’n Seun kry.”

“O, gaan jy?”

“Ja.”

“O, Maria, dit kan nie so wees nie.”

191 “Ja.” En sy het gesê: “Ek kon ’n Seun kry, en ek sou Sy Naam: ‘Jesus’ noem.” En sodra sy gesê het: “Jesus,” die eerste keer wat daardie Naam, *Jesus*, ooit oor ’n menslike lippe gespreek is, het die babatjie, Johannes, die Heilige Gees ontvang en gelewe, en begin spring van vreugde in sy moeder se skoot.

192 As die Naam van Jesus Christus ’n dooie baba sal laat spring in sy moeder se skoot, wat behoort Dit te doen aan die wedergebore Kerk?

193 Gesê: “Wat het my oorgekom dat die moeder van my Here na my toe kom? Want sodra die geluid van jou begroeting in my ore geklink het, het my baba in die skoot opgespring van vreugde.”

O, goeiste! Wat? Johannes het God ontmoet in sy moeder se skoot, hy was altyd 'n veranderde man.

194 Jesus het gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien? 'n Riet wat deur enige wind beweeg? Nie Johannes nie." Gesê: "n Man wat sy kraag omgedraai het, en—en al hierdie mooi klere aan het, die man van die bediening?" Hy het gesê: "Daardie soort soen die babatjies, en maak toesprake by skole, en hulle is in konings se paleise." Julle weet, die intellektuele.

195 Gesê: "Wat het julle gegaan om te sien? 'n Profeet?" Hy het gesê: "Meer as 'n profeet, want dit is van wie daar geskrywe is: 'Ek sal My boodskapper voor My aangesig stuur.'" Gesê: "Van almal wat ooit uit 'n vrou gebore is, is daar nie 'n groter man as Johannes die Doper nie." Ja, meneer.

196 Wat was dit? Hy het die Heilige Gees in sy moeder se skoot ontvang, hy het God in sy moeder se skoot ontmoet. Hy is verander van sy . . . voor hy gebore is, is hy verander.

197 Petrus, die klein kritikus, eendag, van sy broer Andréas, het kerk toe gegaan, het na die Galileense kus toe gegaan, na hy heelnag visgevang het, en het soontoe gegaan om Jesus te sien, vir hom 'n stuk hout gekry en gaan sit. Ek stel my voor soos Jesus begin praat het, Petrus nader beweeg het, en Jesus het na hom gekyk en gesê: "Jou naam is Simon, jy's die seun van Jona." En van toe af was hy 'n veranderde man. Sekerlik, hy het God ontmoet.

198 Paulus, die klein haak-neus Joodjie, so suur en kwaai soos hy kon wees! O, die groot kerk, hulle het hulle keuse gemaak, Matthías, sekerlik. Hy was die een, hulle het die lot gewerp, hy het nooit enigiets gedoen nie. Dit was die kerk se keuse.

199 Maar God het 'n klein Joodjie geneem wat so sarkasties was soos hy kon wees, hom net omvorm. Hy het hom eendag op die pad ontmoet en hom van sy hoë perdjie afgestamp en hy het in die stof gerol. Dis reg. Gesê: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Gesê: "Here, wie is U?"

Gesê: "Ek is Jesus." Weer terug na die Vuurkolom, julle sien. "Ek is," het Jesus gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe."

200 Nou, verstaan julle? Hy was die Vuurkolom, die Logos, enigeen van julle broers weet, wat die kinders van Israel gelei het, die Engel van die verbond, die kinders van Israel deur die woestyn gelei het, dit was die Christus, die Gesalfde. Dit is gemanifesteer op 'n Man, en toe Hy hier op aarde was, sien ons wat Dit gedoen het.

201 En onmiddellik het Hy gesê: "Ek kom van God af, en Ek gaan na God toe." Na Sy dood, begrafnis, en opstanding, Sy hemelvaart, het Paulus Hom ontmoet op die pad af na Damaskus, en wat was Hy weer? Terug na die Vuurkolom. Reg.

202 Nou, as daardie Vuurkolom reg is, as Dit hier is, sal Dit dieselfde werke doen wat Hy gedoen het, want Dis dieselfde natuur. Sien?

203 Nou, ons let op, en op sy pad af, het hy Jesus ontmoet, hy was ’n veranderde man. Van ’n sarkastiese, klein Fariseërtjie tot ’n goddelike heilige, ’n boodskapper aan die Kerk. Paulus, watter verskil was daar in hom!

’n Blinde man, Bartiméüs, het eendag langs die poort gesit en huil. Die skare het verbygegaan, miskien het party van hulle hom omgestamp: “Kom uit die pad uit!”

Ek kan ’n priester hoor sê: “Sê jy, Galilése *sogenaamde* Profeet!”

204 Klein Saggéüs wat tevore in ’n boom gesit het, julle weet, en homself versteek het, het gesê: “Rebekka het vir my gesê Hy was ’n Profeet, maar ek betwyfel dit.” Homself behoorlik versteek.

205 Hier kom Jesus om die hoek, gestop reg onder die boom waar Saggéüs was, en gesê: “Saggéüs, kom af, Ek gaan saam met jou huis toe vir middagete.” Hmm! Het presies geweet waar hy was en geweet wat sy naam was, sekerlik. Hy is steeds Jesus, jy kan Hom vanaand ontmoet, net soos jy Hom ontmoet het, uh, hy Hom toe ontmoet het.

206 Toe Hy by die poort by Jerusalem uitgegaan, na die ander kant toe begin draai het, wat het gebeur? Daar was ou blinde Bartimeüs wat by die poort gestaan het.

207 Saggéüs was ’n veranderde man, hy wou reg maak vir al die kwaad wat hy gedoen het, hy het God ontmoet.

208 Daar, toe Hy by die poort uitgekom het, was daar ’n blinde man wat daar gesit het. Ek kan die priester, die hoof van die predikersvereniging hoor sê: “Ag! Gaan weg hier, jou fanatikus. Hulle sê vir my jy wek die dooies op, ons het ’n begraafplaas vol van hulle hierbo, kom hiernatoe en wek van hulle op.” Sien, maar God is nie mense se gek nie.

209 Jesus het net gedoen, soos Hy gesê het, soos die Vader Hom gewys het, Johannes 5:19 gesê: “Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so.”

210 En ek stel my voor Bartiméüs het net ’n bietjie ontsteld geraak, en hy het gesê: “Wie gaan verby?”

En: “O, bly stil.”

As jy die plek gaan merk, was dit omtrent tweehonderd treë van Hom af. “Waaroor gaan al die geraas?”

211 Daar’s iets vreemds, oral waar Jesus is, is daar baie geraas. Waar God is, maak baie geraas, ek weet nie hoekom dit is nie, maar hulle doen dit. Enigiets sonder geraas, sonder emosie, is dood, dis wetenskaplik. As jou godsdiens nie ’n bietjie emosie

daaraan het nie, beter jy dit begrawe, dis reg, want dis beslis dood.

212 Let op, toe vind ons uit dat Hy, soos Hy verbygegaan het, hierdie, gesê het. . . Een of ander jong vrou mag nadergestap en gesê het: "Ou kêrel, het hulle jou omgestamp? Wat. . . ?"

"Mevrou, kan jy my asseblief sê, waaroor gaan al die geraas?"

"O, die—die Profeet gaan verby, die Galilése Profeet, Jesus van Násaret. Het jy nog nooit van Hom gehoor nie?"

"Nee."

"O! Jy's 'n Jood, is jy nie?"

213 "Ja, ek's 'n Jood. Wel, my ma het altyd vir my gesê, toe ek 'n klein seuntjie was wat kon sien, toe ek gespeel het op hierdie heuwels van Juda, langs die Jordaan hier, het sy altyd vir my gesê dat daar een of ander tyd 'n Messias sou kom, Hy sou die Profeet wees waarvan Moses gepraat het."

"O, dis reg, *Dit* is Hy."

"Wel, as Hy 'n Profeet is. . . O Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig!"

Nou, al daardie gedruis, en aanganery, en om Hom te bespot, en sommige wat oorryp vrugte na Hom gegooi het, en sommige wat sê: "Heil die Profeet!"

Die ander een het gesê: "Weg met die skynheilige!"

214 Hy het dit nooit gehoor nie, maar Hy het dit gevoel. En op Sy. . . Hy het die sondes van die wêreld op Sy skouers gehad, op pad na Gólgota om gekruisig te word, maar die geloof van een blinde bedelaar het Hom in Sy spore gestop. Dis God.

215 Hy het gestop. Net soos 'n vrou Sy kleed aangeraak het, het Bartiméüs dit aangeraak. Hy het gesê: "Jou geloof het jou gered." Hy. . . Van toe af, kon hy sien. Hoekom? Hy het God ontmoet; sy geloof het God gestop!

216 As jy blind is vanaand, geestelik blind, kan jou geloof Hom stop. As julle wonder wat fout is met mense wanneer hulle uitroep en God aanbid, jy dink daar's iets verstandelik verkeerd met hulle, kan jou geloof Hom stop en sal jy 'n veranderde persoon van daardie tyd af wees, dis reg. Jou geloof kan Hom stop, sekerlik.

217 Die maniak in Gadara het, eenkeer, uitgehardloop, 'n maniak wat sterk was. Baie mense noem dit 'n *man*. Sien wat hy was, hy was 'n maniak. Party mense sê: "O, hy is 'n *man*, kyk na die spiere wat hy het." Dis nie *man* nie, dis dier. Ek het manne gesien wat tweehonderd pond weeg, wat nie 'n ons *man* in hulle gehad het nie. 'n Man word nie gemeet aan sy spiere nie, hy word gemeet aan sy karakter.

218 'n Man gesien wat tweehonderd pond weeg, 'n baba uit 'n moeder se arms gooi en haar verkrag. Sou jy dit 'n *man* noem? Dit is nie 'n *man* nie, dis 'n dier.

219 Hierdie maniak kon kettings breek. Hulle kon nie—hulle kon hom nie tem nie. Hy wou in die begraafplaas woon. Kettings gebreek, dink net, want die duiwel het volle beheer oor hom gehad. Hy het superkrag gehad omdat die duiwel beheer gehad het.

220 As die duiwel beheer kon hê oor die persoon, hom superkrag kan gee, wat kan hy doen wanneer God beheer neem? Die verlamdes kan loop, die blindes kan sien, die sondaar kan wit gemaak word. Die verkeerde sal reggemaak word wanneer 'n mens God ontmoet. Toe daardie maniak God ontmoet het, was hy 'n veranderde man van toe af.

221 Die vrou by die put, 'n prostituut, soos waarvan ons 'n paar aande gelede gepraat het, toe sy God daar by die put ontmoet het, het sy nie geweet Wie Hy was nie, Hy was net 'n Man. Maar Hy het na haar gekyk en gesê: "Bring vir My water om te drink."

En sy het gesê: "Jy het niks om mee te skep nie," ensovoorts, die gesprek het voortgegaan.

Naderhand het Hy gesê: "Gaan, kry jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Jy het reg gesê. Jy het vyf gehad, en die een waarmee jy nou saamleef, is nie jou man nie."

Sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n Profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy ons al hierdie dinge vertel."

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat." Sy was 'n veranderde vrou, sy het God ontmoet.

222 Wat het sy gedoen? Sy het gelewe deur 'n fontein, nie Jakob se put nie, maar 'n fontein in haar siel wat sy in die straat kon inloop, al was sy sondig, sy het in die straat ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Christus nie?"

223 Nog een opmerking wat ek mag maak, is dit: Weet julle wat? Die dood het God eenkeer ontmoet. Het julle dit geweet? Dood altyd . . .

224 Die duiwel het nooit, totdat Hy dood was, geglo dat Dit die Seun van God was nie. Hy het Hom op die berg gevang besig om te vas, en hy het gesê: "As u die Seun van God is, neem hierdie klippe en maak brood van hulle." Sien? Daardie selfde duiwel lewe vandag.

225 Julle sê: "As hierdie . . . Goddelike genesing reg is, wat van ou Mnr. Jones hieronder, wat koerante verkoop? *Hierdie* ou man in die rolstoel, gaan genees hom." Sien daardie duiwel?

Toe Hy op die kruis was, het hy gesê: “As u die Seun van God is, kom af en ons sal u glo.” Sien?

226 Kyk, toe hulle ’n ou vuil lap gesit het, daardie dronk spoeg van die soldate, keel skoongemaak en gespoeg het op Sy kosbare gesig, en die baard uit Sy gesig gepluk het, Hom van een kant na die ander geslaan het, en toe ’n ou vuil lap om Sy kop gesit en ’n skynverhoor gehou, en Hom oor die kop geslaan het met ’n stok en gesê het: “Nou, as jy ’n profeet is, sê vir ons wie—wie jy is . . . wie jou geslaan het en ons sal jou glo.”

Hy kon dit gedoen het, maar Hy het gesê: “Ek doen net soos die Vader My wys.”

227 Wat was dit? Hy het altyd geglo dat Hy . . . Hoe kon Satan sê dat daardie Man God kon wees? ’n Man wat die uitdaging van ’n priester kon aanvaar, en ’n dronk soldaat in Sy gesig laat spoeg!

228 Vandag het ons die verkeerde idee van krag. Krag is om te oorwin, om goed vir kwaad te vergeld, dis werklike krag. Wat jou vyand kan liefhê, goed doen aan diegene wat kwaad aan jou doen, dis regte krag, dis God-krag. Ja.

Maniakke kan kettings breek, maar verg ’n ware man om goed vir kwaad te vergeld uit sy hart, nie as gevolg van ’n godsdienstige plig nie, maar uit sy hart.

229 Let op, ten slotte, die duiwel het gesê: “Dis nie die Seun van God nie. Hy kon nie staan en daardie spoeg in sy gesig laat hang nie. En soveel keer soos wat hy hierdie dinge ensovoorts vertel het, en dinge voorspel het, en hulle hom oor die kop geslaan het met ’n riet, sou hy bewys het dat hy die Seun van God was; hy is nie die Seun van God nie.”

230 So ten slotte, laat ons op ’n reisie gaan, ’n verbeeldingsreis, nou, luister goed, kom ons gaan terug na Jerusalem, negentienhonderd jaar gelede. Dit was ’n vreemde, vreemde oggend, was nog nooit ’n oggend soos daardie oggend nie, die son opgekom het, maar dit het gelyk asof, baie vreemd, iets verkeerd aan die gang was. Teen omtrent nege-uur, staan ons in ’n kamer, ek hoor ’n skare uitroep, party wat sê: “Weg met hom!”

231 Ek sien ’n vroutjie uithardloop voor die skare en sê: “Wat het Hy gedoen? Sê vir my! Wat het Hy gedoen? Hy het net julle siekes genees en hoop gebring aan die hopeloses. Wat het Hy gedoen om dit te verdien?” Van wie praat sy?

232 Ek kyk agtertoe, ek hoor iets maak: “*Stamp*, *stamp*, *stamp*.” Hier is ’n ou kruis wat aankom, wat in die straat afsleep, Bloed wat net uitsleep, die kruis sleep Sy bloederige voetspore, terwyl dit in die straat afkom. Spoeg wat oor Sy gesig hang, Bloed en spoeg gemeng, trane en vieslikheid wat saamvloei, kroon van dorings afgedruk oor Sy kosbare hoof. “*Stamp*, *stamp*.”

Die duiwel wat rondloop en sê: "Nou, as hy die Seun van God was, sou hy nooit so-iets verduur het nie."

233 Naderhand het Sy klein swak liggaampie geval, het hulle die kruis op 'n Ethiopiër gerus. Hier gaan Hy teen die heuwel op, kyk, ek let op Hy het 'n wit kleed aan, maar daar's klein rooi kolletjies oraloor daardie wit kleed. Wat is hulle? Soos Hy teen die heuwel opgaan, word hulle groter, ysliker, ysliker, ysliker, naderhand het hulle almal in een yslike groot, bloederige spatsel saamgevloei, wat teen Sy bene klap; Hy gaan na Gólgota.

234 Ek sien Satan sê: "Komaan, Dood, ons het hom nou. Komaan, ek beveel jou, Dood," het Satan gesê. "Ek het jou beheer, jy weet. Steek hom, want hy is niks anders behalwe 'n mens nie, hy is net 'n mens. Hy sou dit nie kon uithou nie." Ek kan daardie by sien kom, om Hom sirkel, dood, die angel van die dood.

235 Maar julle weet, 'n insek wat 'n angel het, 'n by, as daardie by ooit daardie angel baie diep ingesink het, kan hy nooit weer steek nie, want dit trek die angel uit. Broer, dis waar die by van die dood 'n fout gemaak het, toe dit daardie kosbare liggaam gesteek het, het Hy die angel daaruit getrek.

236 Nou, vir die gelowige, soos Paulus van ouds, toe hulle 'n—'n blok gebou het om sy kop af te kap, en die by om hom begin gons het, die dood, het hy gesê: "O Dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning? Maar dank God, Wat vir ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus."

237 Wat was dit? Die dood het God ontmoet, en van toe af, het die dood nie meer 'n angel nie, dit kan gons en 'n geraas maak, maar dit kan ons nie bang maak nie, want ek kan terugkyk daar oorkant en sê: "Hy het daardie angel geanker in Emmanuel se vlees, so daarom, is daar 'n Fontein gevul met Bloed, getrek uit Emmanuel se are, waar sondaars wat onder die vloed gedompel het, al hulle skuldvlekke verloor. En die ou dood het nie meer 'n angel nie." Glo julle dit?

238 Jy kan *hierdie* ontmoet, jy kan jou fortuin ontmoet, jy kan jou lewensmaat ontmoet, jy kan jou skuld ontmoet, jy kan jou vyand ontmoet, jy kan al hierdie dinge ontmoet, dit beteken nie veel nie, maar wanneer jy God eenmaal ontmoet, word jy vir Ewig verander.

Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig, terwyl ons bid.

239 Ek gaan julle 'n opregte vraag vra, in die wete dat ons dalk nooit weer mag ontmoet, ek en julle, op aarde nie. Môremiddag word toegewy, meestal, net aan om vir die siekes te bid, maar ek wonder, vanaand, of daar iemand in hierdie gebou is wat God nog nooit regtig ontmoet het nie.

240 O, julle het Sy Bybel gelees, en julle het belydenisse gemaak, en julle het julle naam op boeke of so-iets gesit, en by een kerk

tot die ander aangesluit, maar, eintlik, het julle nog nooit God ontmoet nie, maar julle wil Hom graag ontmoet.

241 Met elke hoof gebuig en elke oog toe, wonder of jy net jou hand sal opsteek, en hierdeur sê: "Broer Branham, onthou my in gebed, dat ek God sal ontmoet in die vergifnis van my sondes voor ek Hom in die Oordeel moet ontmoet."

242 [Leë kol op band—Red.] "...Ek enige wou...as ek wou regmaak met God," gesê: "Ek sou, weet jy wat ek sou doen? Ek sou iemand kry wat 'n bietjie verstand gehad het om met my te praat."

Ek het gesê: "Vergewe my dan, Dame, ek het net gelei gevoel, ek, wat my leiding gevolg het, net soos ek gelei voel om hierdie altaar-oproep te maak."

243 Omtrent twee jaar van toe af, het ek teruggekom na dieselfde stad, sy was 'n gerespekteerde meisie, goeie meisie, sy het in die straat afgegaan, haar onderrok wat uitgehang het, en ek het gedink: "Sekerlik, kan dit nie dieselfde meisie wees nie."

Ek het nadergestap, en sy het omgedraai, gesê: "Hallo, Prediker."

Ek het gesê: "O, nee!"

Sy het gelag, sy het haar hand in haar handsak gedruk, en sy het gesê: "Het jy 'n sigaret?"

Ek het gesê: "Skaam jy jou nie?"

Sy het gesê: "Wat van 'n slukkie uit my bottel?"

En ek het gesê: "Is jy nie skaam om vir my, 'n prediker, 'n slukkie van jou whisky aan te bied nie?"

Sy het gesê: "Ek wil jou iets vertel voor jy gaan."

244 Nou, luister hierna, terwyl jy jou hoof gebuig het, bid, sy het gesê: "Mnr. Branham, onthou jy daardie aand toe jy met my gepraat het oor my siel?"

Ek het gesê: "Ek sal dit altyd onthou, Girlie."

245 Sy het gesê: "Jy was beslis reg," sy het gesê: "ek het God se Gees vir die laaste keer bedroef." Sy het gesê: "Ek het erger en erger geraak." En sy het gesê: "My hart is so hard," sy het gesê: "Ek sou my eie ma se siel in die hel sien braai soos 'n pannekoek en daaroor lag." Dis wat jy kry om die Heilige Gees te bedroef.

Moet Hom nie weier nie, moet Hom nie weier nie,
O, hoe jy wil hê Hy moet sê: "Wel gedaan,"
Op daardie Ewige Dag,
Moenie die Dierbare Redder wegwys van jou hart,
Moet Hom nie weier nie.

Jy mag dit vanaand vir jou laaste keer doen. Steek net jou hand op, sê: "Bid vir my, Broer Branham."

[Leë kol op band—Red.]

246 Wat kon Hy nou vir ons doen? Hy kan vir ons die uitermatige, oorvloediglike gee, bo alles wat ons kan doen of dink. Glo jy dit? Hoeveel van julle is. . .? Hoeveel daarbuite is siek? Steek julle hande op. Behoeftig? Steek net jou hand op, sê: "Ek's behoeftig, ek het 'n behoefte." Laat ons dan net ons hoofde net 'n oomblik buig.

Bid net en sê: "Vader God, laat dit ek wees." Hê net geloof. Hou net aan bid.

247 Daar's 'n dame wat hier in die voorste ry sit, sy bid vir 'n vriend wat nie hier is nie, wat siek is. Glo jy God sal daardie vriend genees en hom gesond maak? Jy kan dit kry. God seën jou.

Hou net aan glo.

248 Reg hier agter aan my linkerkant (Julle mag julle kop oplig.), 'n man wat daar sit met 'n rugprobleem. Glo jy dat God jou rug sal gesond maak, Meneer? Hy doen dit.

249 Die volgende man daar het iets verkeerd met sy sy. Dis jou rib, Meneer. Dis reg. Sal jy jou hand opsteek as dit so is? Jy het jou genesing.

250 Die dame wat daar langsaan sit, daardie artritis, glo jy God kan jou artritis genees en jou gesond maak? Iets verkeerd met jou hande, daardie dame wat daar sit, hande en voete albei. Glo jy dat God hulle sal gesond maak? Doen dit met jou hele hart, jy kan jou genesing kry. God seën jou, moeder.

251 Nou, wat het hulle aangeraak? Sê my wat hulle aangeraak het. Dis die Hoëpriester, is dit reg? Sien julle nie? Hulle het God ontmoet. Ek ken nie daardie mense nie.

252 Julle almal daar met wie daar gepraat is terwyl die visioene aangegaan het, as julle my nie geken het nie en ek julle nie geken het nie, steek julle hande op. Julle almal hierbinne, waar julle ook al was, steek julle hande op. Dis reg. Goed. Presies.

Hy's hier, glo julle dit nie? Hulle het God ontmoet.

253 Daar's 'n dame wat reg agter hier aan die regterkant sit. Kan julle nie daardie Lig oor die vrou sien nie? Sy het rumatiek, sy het ook 'n vergroeisel op haar bors. Sy is van Fort St. John. Haar naam is Agnes. Staan op as dit so is. Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Is daardie dinge reg? Steek jou hand op as dit reg is. Jy het jou versoek.

Sy het God ontmoet, dis wat dit doen. "As julle kan glo!"

254 Daar's 'n man wat daar agter sit wat binnekort moet sterf, as hy God nie glo nie. Hy het kanker van die bors, kanker op die longe. As jy sal glo met jou hele hart, sal God jou genees. Staan

op jou voete en aanvaar dan jou genesing, in die Naam van Jesus Christus.

Wat doen dit? Ek ken nie die man nie, hy's 'n totale vreemdeling. Maar dis reg, is dit nie, Meneer? Jy het God ontmoet. Gaan, glo dit. Amen.

Het julle geloof in God?

255 Vrou daar wat vir haar seun bid, het sinusprobleme. Wel, glo met jou hele hart, hy sal gesond word. Dis reg, is dit nie, Dame? Dis reg, steek jou hand op. Het nog 'n siek vriend vir wie jy ook bid, wat nie hier is nie. Glo net met jou hele hart, en jy kry wat jy vra.

256 Glo julle God? As dit nie God is nie, weet ek nie wat God is nie; dis Christus onder julle, vriende. Glo julle dit? Ek word nou verblind vir julle. Dit lyk net regoor hierdie gebou, net soos 'n groot, wit Lig.

257 Wat kan net nou gebeur as julle dit sou aanvaar? Wat sou net nou plaasvind, as hierdie gehoor regtig net vir een keer kon glo? Daar's net een ding om elke persoon hierbinne te keer om genees te word, dis net julle ongeloof.

258 Breek net daardie klein versperring van duisternis daar en kyk hoe die Heilige Gees op hierdie gebou val en elke persoon hierbinne genees word. Sal julle dit glo? Staan dan op jou voete en aanvaar dit, in die Naam van Jesus Christus. Steek nou julle hande op na Hom, sê: "Ek glo U, Here."

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het

Het jy Hom lief met jou hele hart? Jou hele hart? Steek net jou hande hoog op en prys Hom, sê: "Dank U, Here Jesus."

259 Wat's fout, Soldaatjie? Jy gaan nie selfmoord pleeg nie. Die duiwel lieg vir jou, Seun. Jy het net 'n vrees. Hy lieg vir jou, hy sal jou mal maak as jy hom glo. Weier hom! Weerstaan die duiwel!

260 Ek beveel jou, in die Naam van Jesus Christus, om die duiwel te weerstaan en Jesus Christus as jou Geneser te aanvaar! Jy sal teruggaan om 'n heer en 'n regte, egte man te wees. Doen jy dit? Steek jou hande op na God en sê: "Prys God." Dis reg. O, amen. Nou, gaan terug huis toe en word gesond.

Almal wat Hom glo, steek julle hande op en prys Hom. (*Ek Sal Hom Prys*.)

> Ek sal Hom prys . . .
>
> Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
> Die Lam prys vir sondaars geslag;
> Eer Hom, al jul mense,
> Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.
>
> Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
> Die Lam prys vir sondaars geslag;

Eer Hom, al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Nou, terwyl ons dit neurie . . .

Ek sal Hom prys . . .

Draai om en skud hande met iemand, sê: "God seën jou, Pelgrim. God seën jou, Broer, Suster, Pelgrim."

. . . sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaars geslag;
O, eer Hom, al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Almal van julle wat Hom liefhet, sê: "Prys die Here." Sê dit weer: "Prys die Here."

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam prys vir sondaars geslag;
O, eer Hom, al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

O, is Hy nie wonderlik nie?

O, wonderlik, wonderlik, Jesus is . . .

Nou, aanbid Hom.

O, Raadsman, o, Vredevors, die Magtige God is Hy;
O, wat my red, my weerhou van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

Eers verlore, nou gevind, vry van alle oordeel,
Jesus gee vryheid, en 'n volle verlossing;
Wat my red, my weerhou van alle sonde en skande,
O, wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

O, wonderlik, wonderlik,

Sing dit in die Gees.

Jesus moet . . .

Maak net julle oë toe en kyk regtig hoe goed Hy is.

Raadsman, Vredevors, Sterke God is Hy;
O, wat my red, my weerhou van alle sonde en skande,
Wonderlik is my Verlosser, prys Sy Naam!

261 Het julle Hom nie lief nie? Na die harde boodskap ensovoorts, en dan sondaars sien kom na die fontein gevul met Bloed, dan die Heilige Gees sien inbeweeg, bevestig dat dit Hy is wat Homself as lewendig wys, die Messias van God, wat daar onder ons wandel vanaand, dan kan ons net sing in die Gees en Hom aanbid. O, goeiste!

O, kom ons sing dit weer. Sal jy vir ons nog 'n noot gee?

Wonderlik, wonderlik, is Jesus vir my,
Hy is die Raadsman, my Vredevors, die Magtige God is Hy;
Hy red my, o, weerhou my van alle sonde en skande,
Wonderbaar is my Verlosser, prys Sy . . .

Almal wat baie goed voel, sê: "Prys God." Goed.

262 Laat ons nou ons hoof net 'n oomblik buig. Ek wonder of julle daardie lied hierbo in Kanada ken, dis een van ons groot liedere van die Suide, *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou*.

Goed, gee ons die noot daarvoor, Suster.

263 Goed, kom ons sing dit nou saggies. Al hierdie goeie, klein Noorweegse stemmetjies, laat dit net uitkom. Jy—jy mag dalk nie 'n—'n melodieuse sanger wees nie, maar sing met jou hart.

264 Ek—ek—ek hou nie . . . Ek hou van goeie ou Pinkstersang, maar ek haat 'n oorgeoefende stem, wat hulle asem ophou, julle weet. Ek net, ek hou daarvan om regte goeie Pinkstersang te hoor, ja, meneer. Goed. Goed.

Neem die Naam van Jesus met jou,
Kind van droefheid en van wee;
Dit bring troos en vreugde vir jou,
O, neem Dit oral . . .

Daardie oorprobleem het jou verlaat, vir daar, vir die kind daar agter.

. . . Naam, O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, (Kosbaarste Naam!) O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou, met ons geboë hoofde, sê ons:

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings in die Hemel kroon ons Hom,
As ons reis voltooi is hier.

Kosbare . . .

Hoeveel glo dat julle nou genees is? Steek julle hande op in die . . . God seën julle. God seën julle. God . . . O, kyk net!

Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam, O hoe soet! (Is dit nie soet nie?)
Aardse hoop en vreugde . . .

Neem die Naam van Jesus met jou,
As 'n Skild teen elke strik;
Wanneer versoekings om jou vergader,

(Duiwel wat sê: "Jy's nie nou genees nie." Wat doen jy?) Prewel net daardie Heilige Naam in gebed.

Dierb're Naam . . .

Pastoor, jou gehoor nou. God seën julle.

61-0520 Van Toe Af
Verenigde Kerk
Dawson Creek, Brits Kolumbië Kanada

AFRIKAANS

©2023 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org